YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT

DIE ONTWIKKELING VAN 'N OPVOEDKUNDIGE INTERVENSIEPROGRAM VIR VROULIKE PLAASBEWONERS GERIG OP DIE HERSTEL EN HERWINNING VAN KLERE EN TEKSTIELARTIKELS.

ELOÏSE BOTHA

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Verbruikerswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit

Studieleiers: **Me. M. Larney, Me. M.D. Venter**

2005

Potchefstroomkampus

DANKBETUIGINGS

Graag wil ek my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone wat dit vir my moontlik gemaak het om my studie suksesvol te kon voltooi:

Ons Vader, van wie ek afhanklik is vir talente, krag, en gesondheid en seën. Aan Hom al die eer.

My studieleiers, Me. M. Larney en Me. M.D. Venter, vir hulle kosbare tyd, bekwame leiding en advies.

Dr. E. Kempen vir ondersteuning, raad en motivering.

Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir hulle vriendelike hulp.

Me. A. Tiedt vir die kundige en noukeurige taalversorging.

My ouers vir hul liefde, ondersteuning en aanmoediging deur al die jare.

Aan al my familie, vriende en kollegas vir hul voortdurende belangstelling en aanmoediging.

My man, vir sy liefde, geduld, begrip, ondersteuning, motivering en sy vermoë om sake in perspektief te kan stel.

My ongebore seun, wat vir my die motivering gegee het om die finale treë na die eindpunt te kon gee.

VOORWOORD

OUTEUR SE BYDRAE (VERKLARING)

Hiermee verklaar ek dat die werk in hierdie skripsie my eie is, wat met die hulp van my studieleiers Mev. M. Larney en Mev. M.D. Venter uitgevoer is. My aandeel was die volgende:

- ontwerp van die intervensieprogram
- ontwerp en saamstel van handleiding en kursushulpmiddels
- implimentering van die program
- ontwerp van vraelyste en toetse
- evaluering van die naaldwerkvaardighede van deelnemers
- evaluering van die program
- literatuurstudies en saamstel van inligting
- statistiese analise en interpretasie
- saamstel van die skripsie

E. Botha
(Outeur)

TOESTEMMING VAN MEDE-OUTEURS

Ons, die mede-outeurs gee hiermee toestemming dat Me. Botha die manuskrip kan voorlê en dat dit voldoen aan die vereistes wat aan 'n skripsie gestel word. Die artikel mag ook aan die redaksie van die "Journal of Family Ecology and Consumer Sciences" voorgelê word vir moontlike publikasie.

Me. M. Larney
Studieleier

Me. M.D. Venter
Studieleier

INHOUDSOPGAWE

		Bl.
DANKBETUIGINGS		**ii**
VOORWOORD		**iii**
INHOUDSOPGAWE		**iv**
LYS VAN TABELLE		**vii**
LYS VAN FIGURE		**viii**
ABSTRACT		**ix**
OPSOMMING		**x**

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1	**AGTERGROND**	**1**
1.2	**MOTIVERING VIR DIE STUDIE**	**2**
1.3	**KONSEPTUELE RAAMWERK**	**4**
1.4	**NAVORSINGSDOELWITTE EN DOELSTELLINGS**	**4**
1.4.1	Algemene doelstelling	5
1.4.2	Spesifieke doelstellings	5
1.5	**METODOLOGIE**	**5**
1.6	**TERME EN DEFINISIES VAN BELANG VIR DIE NAVORSING**	**7**
1.6.1	Plaaswerkers	7
1.6.2	Plaasbewoners	7
1.6.3	Gemeenskapsontwikkeling	7
1.6.4	Volwasse onderrig	7
1.6.5	Die verband tussen (gesinshulpbron)bestuur en lewenskwaliteit	8
1.6.6	Intervensienavorsing	8
1.6.7	Basiese behoeftes	8
1.6.8	Armoede	8
1.7	**STRUKTUUR VAN SKRIPSIE**	**8**
1.8	**BIBLIOGRAFIE**	**10**

HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG

2.1	**INLEIDING**	**12**
2.2	**AGTERGROND: LEER EN GELETTERDHEID**	**12**
2.2.1	Leer	12
2.2.2	Geletterdheid	13
2.2.3	Voorkoms van ongeletterdheid in Suid-Afrika	13

2.2.4	Motivering vir volwasse opvoeding	13
2.3	**DIE KONSEP: GEMEENSKAPSONTWIKKELING**	**14**
2.4	**INTERVENSIENAVORSING: FASES EN AKTIWITEITE**	**15**
2.4.1	Probleem-analise en projekbeplanning	16
2.4.2	Inligtingversameling en –sintese	17
2.4.3	Ontwerp van 'n observasiesisteem	17
2.4.4	Vroeë ontwikkeling en loodstoetsing	17
2.4.5	Evaluering en gevorderde ontwikkeling	17
2.4.6	Verspreiding van die intervensie	19
2.5	**DIE HOOFROLSPELERS IN GEMEENSKAPSONTWIKKELING**	**19**
2.5.1	Die aksiegroep	20
2.5.1.1	Volwassene as lid van die aksiegroep	20
2.5.1.2	Toename in volwassenes as leerders	21
2.5.1.3	Eienskappe van die volwasse leerder	21
2.5.2	Die fasiliteerder	23
2.5.2.1	Vereistes waaraan die fasiliteerder van volwasse onderrig moet voldoen	23
2.5.2.2	Persoonlike strategie	24
2.6	**OMGEWING WAARIN GEMEENSKAPSONTWIKKELING AFSPEEL**	**24**
2.7	**ALGEMENE RIGLYNE**	**25**
2.7.1	Riglyne vir onderrigmetodes wat gevolg kan word	25
2.7.2	Vereistes van aanbieding vir volwasse leer	26
2.7.3	Riglyne vir die skryf van programme vir volwasse onderrig	27
2.7.4	Beginsels vir effektiewe volwasse onderrig	28
2.7.5	Riglyne vir deelname en samewerking	29
2.7.6	Kommunikasieriglyne	29
2.7.7	Riglyne vir motivering van leerders	30
2.7.8	Riglyne vir programinhoud van naaldwerkprogramme	30
2.7.9	Algemene riglyne vir die beplanning en implimentering van naaldwerkprogramme	31
2.7.10	Riglyne vir veiligheid en eerstehulp	32
2.8	**STANDAARDE**	**32**
2.8.1	Nuttigheidstandaarde	33
2.8.2	Doenlikheidstandaarde	33
2.8.3	Gepastheidstandaarde	33
2.8.4	Akkuraatheidstandaarde	34
2.9	**MOONTLIKE PROBLEME**	**34**
2.9.1	Moontlike probleme met betrekking tot intervensies	34
2.9.2	Moontlike struikelblokke met gemeenskapsontwikkeling	35

2.10 VERBRUIKERSWETENSKAPPE EN NAALDWERK AS KOMPONENTE VAN HIERDIE INTERVENSIEPROGRAM 36
2.10.1 Verbruikerswetenskappe en die rol van Verbruikerswetenskaplikes 36
2.10.2 Naaldwerk as komponent van Verbruikerswetenskappe 37
2.10.3 Motivering vir tuisnaaldwerk 37
2.11 SLOT EN SAMEVATTING 38
2.12 BIBLIOGRAFIE 39

HOOFSTUK 3: ARTIKEL

RIGLYNE VIR OUTEURS 48
OPSOMMING 53
ABSTRACT 54
INTRODUCTION 55
OBJECTIVES 56
CONCEPTUAL FRAMEWORK 57
RESEARCH SAMPLE 57
METHODOLOGY 57
Problem analysis and project planning 58
Information gathering and synthesis 58
Designing an observational system 58
Early development, pilot testing and presenting the programme 59
Evaluation and advanced development 60
Dissemination of the intervention 61
RESULTS 61
Results of the increase in skills 63
Effect size between evaluators 63
Attendance figures 64
Programme evaluation 64
CONCLUSION AND RECOMMENDATIONS 65
REFERENCES 66

HOOFSTUK 4: SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

4.1 INLEIDING 75
4.2 SAMEVATTING 75
4.3 NAVORSINGSRESULTATE 76
4.4 MOONTLIKE PROBLEME EN AANBEVELINGS 77
4.5 GEVOLGTREKKING 79

LYS VAN TABELLE

		Bl.
Tabel 1:	Die fases en toepassing van intervensienavorsing	6
Table 1:	The phases and application of intervention research	69
Table 2:	Effect size for the increase in skills per respondent	70
Table 3:	Effect size between evaluators per test	70
Table 4:	Effect size between evaluators per respondent	71

LYS VAN FIGURE

		Bl.
Figuur 1:	**Konseptuele raamwerk wat as basis dien vir die ontwikkeling van die intervensieprogram gerig op die herstel en herwinning van klere en ander tekstielartikels**	**4**
Figure 1:	**Conceptual framework as basis for the developing of an intervention programme aimed at the repair and recycling of clothes and other textile goods**	**72**
Figure 2:	**The effect size for the increase in skills per respondent**	**73**
Figure 3:	**The effect size between evaluators per test**	**73**
Figure 4:	**The effect size between assessors per respondent**	**73**
Figure 5:	**Attendance of the course**	**74**
Figure 6:	**Programme evaluation**	**74**

ABSTRACT

SEARCH WORDS: Farm dwellers, sewing, crafts, intervention, adult education, community development, textiles, clothes, resource management

Statistics show high figures of poverty amongst farm dwellers in South Africa. Poverty is also associated with illiteracy, low life expectancy and high figures of malnutrition. One third of farm workers have no formal education. Very few farm dwellers have access to adequate housing and sanitation. A shortage in food, shelter and clothing leads to constant stress. In spite of extreme poverty, most households possess at least some human- and material resources. Through the effective management of these resources, the quality of life of people can be improved. Poor adults can be guided to better management through education.

This study was part of the FLAGH-project where an educational intervention programme was developed, implemented and evaluated. The general goal of this study was to improve the sewing skills of female farm dwellers, in order to use existing resources of time, clothing and other textile articles optimally. Through the optimal use of these resources, less money needs to be spent on items such as clothes. More money can then be available for other basic needs, such as food.

The intervention model as described by Fawcett et al. was used for this study. An intervention programme was developed, implemented and evaluated. Women on two farms were taught basic sewing skills to repair and recycle old clothes and other textile goods. Data to determine the success of the programme was gathered by means of practical pre- and post-tests. Paired sample t-tests were used to determine the effect size of the results, in order to determine if there was a practical significant difference in the skills of the women before and after the programme. Independent t-tests were used to determine the average and standard deviation in the evaluations of the two evaluators. Participants completed questionnaires regarding the presenting and compilation of the programme, to determine the success of the programme and to identify problems for possible future implementation of the programme. Results showed an improvement in the sewing skills of participants. Results from the programme evaluation showed that participants experienced the programme positively. The most important advantage of this programme was that participants can continue to apply the skills acquired during the programme, without any extra financial costs.

OPSOMMING

SOEKWOORDE: Plaasbewoners, naaldwerk, handwerk, intervensie, volwasse onderrig, gemeenskapsontwikkeling, tekstiele, klere, hulpbronbestuur

Statistieke toon kommerwekkende syfers rakende armoede, veral onder plaasbewoners in Suid-Afrika. Armoede word ook geassosieer met ongeletterdheid, lae lewensverwagting en hoë voorkoms van wanvoeding. Een derde van alle plaaswerkers het geen formele opleiding nie. Baie min plaasbewoners het toegang tot voldoende behuising en sanitasie. 'n Tekort aan voldoende voedsel, skuiling en kleding lei tot konstante spanning. Ten spyte van uiterste armoede beskik die meeste huishoudings tog oor sekere menslike- en materiële hulpbronne. Deur die effektiewe bestuur van hierdie hulpbronne, kan die lewensgehalte van mense verbeter. Arm volwassenes kan deur middel van onderrig gelei word om hulle hulpbronne beter te bestuur.

Hierdie studie was deel van die FLAGH-projek waar 'n opvoedkundige intervensieprogram ontwikkel, geïmplimenteer en geëvalueer is. Die algemene doel van die projek was om vroulike plaasbewoners se naaldwerkvaardighede te ontwikkel, ten einde die reedsbestaande hulpbronne van tyd, klere en ander tekstielartikels optimaal te benut. Deur die optimale benutting van hierdie hulpbronne, kan minder geld bestee word aan items soos klere en meer geld kan beskikbaar wees vir ander basiese behoeftes, soos voedsel.

Vir die doel van hierdie studie is die intervensiemodel soos Fawcett et al. dit beskryf, gevolg. 'n Intervensieprogram is ontwikkel, geïmplimenteer en geëvalueer. Vroue op twee plase is naaldwerkvaardighede aangeleer vir die herstel en herwinning van ou klere en ander tekstielartikels. Data rakende die geslaagdheid van die program, is versamel deur middel van praktiese voor- en natoetse, asook die evaluering van vervaardigde produkte. Gepaarde t-toetse is gebruik om die effekgrootte van die resultate te bereken ten einde te bepaal of daar 'n betekenisvolle verskil in die vroue se vaardighede voor en na die program was. Onafhanlike t-toetse is gebruik om die gemiddeld en die standaard afwyking in die twee evalueerders se evaluerings te bepaal. 'n Vraelys is deur deelnemers voltooi rakende die aanbied en samestelling van die program, ten einde die sukses van die program te evalueer en probleme vir moontlike toekomstige implimentering te identifiseer. Resultate het 'n verbetering in die naaldwerkvaardighede van deelnemers getoon. Programevalueringsresultate het getoon dat deelnemers die program positief ervaar het. Die belangrikste voordeel van die program was dat deelnemers kon voortgaan om die aangeleerde vaardighede toe te pas, sonder enige ekstra finansiële kostes.

HOOFSTUK 1 - INLEIDING

1.1 AGTERGROND

Ongeletterdheid is 'n wêreldwye verskynsel. Volgens Lyster (1992:14-16), woon die meeste ongeletterde persone in arm lande. Ongeveer 35% van alle vroue in die wêreld is ongeletterd, teenoor slegs 20% mans. Dit wil voorkom of ongeletterdheid ongelykhede soos marginalisasie, eksploitasie en onderdrukking reflekteer. Ongeletterdes is dus gewoonlik mense wat in landelike gebiede in derdewêreldlande woon. Die meerderheid ongeletterde volwassenes is die persone wat die meeste van mag, inligting en rykdom weerhou is. Asië is die land waar die meeste ongeletterde persone woon, maar Afrika het by verre die hoogste persentasie ongeletterdes in verhouding tot sy populasie. In Afrika is die helfte van die bevolking ongeletterd. Gebiede waar ongeletterdheid hoog is, toon ook ander tekens van armoede soos lae lewensverwagting, hoë sterftesyfers onder babas, hoë voorkoms van wanvoeding, swak gesondheidsorg en onderwysvoorsiening asook yl verspreide kommunikasiesisteme (Lyster, 1992:16).

Armoede is ook in Suid-Afrika 'n kommerwekkende realiteit. Dit is veral die geval in landelike gebiede waar 75% van alle huishoudings onder die broodlyn leef (Kotzè, 1994:21). In Suid-Afrika is die meeste ongeletterde volwassenes arm, swart en woonagtig in landelike gebiede. Volgens French (1992: 50) is slegs 50% van alle swart mense in Suid-Afrika geletterd (het skoolopleiding tot standerd 3 of vyf jaar skoolopleiding). Ongeveer een miljoen mense in Suid-Afrika is afhanklik van plaasarbeid vir 'n inkomste (Hall, 2001:98). Janse van Vuuren (2005:26) berig dat altesame 450 miljoen plaasarbeiders wêreldwyd in armoede leef. Volgens hom leef miljoene plaasarbeiders onder die broodlyn omdat hulle nie genoeg kos met hul lone kan koop nie. Gemideld word ongeveer 70% van plaaswerkers se lone aan voedsel bestee. Volgens Hall (2001:98) het een derde van alle plaaswerkers geen formele opleiding nie. Baie min plaasbewoners het toegang tot voldoende behuising en sanitasie. Die gemiddelde inkomste van hierdie persone in 2001 het gevarieer tussen R400 tot R600 per maand. Huidige riglyne bepaal dat twee minimumloonvlakke geld, naamlik R785.79 en R949.58 per maand, na aanleiding van die munisipale gebied waarin 'n plaas geleë is (Janse van Vuuren, 2005:26).

Volgens Blansett & McKenna (2001:50) sal individue wat sonder voldoende voedsel, skuiling en kleding leef, altyd daarna streef om 'n basiese vlak van goedere of dienste te bekom. Dit lei tot konstante spanning, wat hierdie persone se kinders, hul beroep en ook die res van die gemeenskap beïnvloed. Ten spyte van uiterste armoede beskik die meeste huishoudings oor sekere menslike- en materiële hulpbronne soos inligting, vaardighede, energie, geld (Goldsmith, 2000:7) en tyd (Goldsmith, 2000:200). Deur effektiewe bestuur van beskikbare hulpbronne, kan

die lewensgehalte van mense verbeter, sonder dat die aantal of hoeveelheid hulpbronne toeneem. Ongeletterde en arm volwassenes kan deur middel van onderrig gelei word om hul hulpbronne beter te bestuur.

Jarvis (1995:7) noem dat volwasse onderrig volwassenes kan help om die veranderinge wat daagliks in die samelewing plaasvind, beter te verstaan en daarby aan te pas ten einde hul plek in die samelewing te kan volstaan. Volwassenes benodig opvoedkundige klasse ten einde hulle te help in hulle werksituasie, hulle ontspanning en om hulle hele lewe te verryk. Volwasse geletterdheidsonderrig verbeter werksverhoudinge en verminder struwelinge by die werksomgewing, aangesien volwassenes skriftelike opdragte kan lees en uitvoer (Warren-Brown, 2000:34). Na aanleiding hiervan behoort lewenslange onderrig as 'n mensereg en fundamentele noodsaaklikheid beskou te word (Jarvis, 1995:43).

1.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Volgens Lombard (1991:i) is die rykdom van 'n land in sy mense geleë. Die ontwikkeling van mensepotensiaal is dus die grootste bydrae wat 'n land tot sy vooruitgang en voortbestaan kan maak. Sy is van mening dat deur gemeenskapsontwikkeling gemeenskappe in staat gestel word om betrokke te raak by hulle eie ontwikkeling en die verbetering van hul lewenskwaliteit. Francis & Henderson (1992:17) en Kamper (1997:53) beskryf gemeenskapsontwikkeling as 'n aksie wat gemoeid is om mense te help om saam te werk in 'n gemeenskap, om te groei in vertroue en bevoegdheid, ten einde hul prioriteite en behoeftes aan te spreek.

Kleding, net soos voedsel en skuiling, is van die vroegste tye af een van die primêre behoeftes van die mens. Klere vervul nie net slegs 'n fisiese en sielkundige rol in die welstand van die mens nie, maar reflekteer ook die waardes, toestand en ontwikkeling van 'n samelewing as geheel. Klere is 'n belangrike sosiale en sielkundige simbool vir die individu. Dit kommunikeer die draer se sosiale status, beroep, rol, selfvertroue en ander persoonlikheidseienskappe (Horn & Gurel, 1981:1-2). Die klere wat ons dra, help ons om die persoon te word wat ons graag wil wees (Horn & Gurel, 1981:154).


Van die vroegste tye af het veral vroue tuisnaaldwerk beoefen en hul eie en hul gesin se klere gemaak (Buckley, 1999:55; Schofield-Tomchin, 1999:97). Naaldwerk is 'n lonende, terapeutiese en bevredigende stokperdjie wat 'n mens ook instaat stel om geld te bespaar (Aitken, 1992:7, Jones, 1979:7; Schofield-Tomchin, 1999:97). Buckley (1999:59) beskryf naaldwerk as 'n metode waar vroue mekaar vaardighede leer wat hul vroulike identiteit vorm.

Naaldwerk bied ook die moontlikheid vir inkomstegenerering. Clark *et al.* (1993:114-120) impliseer naaldwerk in Suid-Afrika as besigheidsgeleentheid. Ook Trollip (1997:2), Smit (1997:82), Knye (1992:29) en Kempen *et al.* (1997:131) bespreek die moontlikheid van inkomstegenerering vir vroue deur die vervaardiging van kunshandwerk soos naaldwerkartikels, borduurwerk, weefwerk, ensovoorts.

Die THUSA-studie (Transition and Health during Urbanization of South Africans) is deur Vorster *et al.* (2000:505) onderneem om die impak van verstedeliking en die gevolglike verandering op fisiese, fisiologiese en verstandelike gesondheidstatus van inwoners in die Noordwes Provinsie te bepaal. Hierdie studie het plaasbewoners in die Noordwes Provinsie as 'n uiters kwesbare groep mense betreffende hulle lae voedingstatus, fisiese en sielkundige gesondheid geïdentifiseer. Plaasbewoners beskik meestal oor sekere, hoewel beperkte hulpbronne. Hulpbronne waaroor veral vroulike plaasbewoners wel beskik is tyd, energie, behuising, bietjie klere en ander tekstielware asook beperkte handvaardighede. Indien die plaaswoners kan leer om hierdie hulpbronne optimaal te benut, kan hul lewenskwaliteit daardeur verbeter, sonder dat meer geld benodig word. Deur intervensienavorsing, soos Fawcett *et al.* (1994:25) en De Vos (1998:384) dit bespreek, word middele geskep vir die verbetering van gemeenskapslewe, -gesondheid en –welstand. Intervensienavorsing en die ontwikkeling van 'n intervensieprogram rakende die bestuur van beskikbare hulpbronne sal dus as moontlike oplossing vir die probleem van hierdie vroulike plaasbewoners dien.

1.3 KONSEPTUELE RAAMWERK

Na aanleiding van die voorafgaande literatuur, is die volgende konseptuele raamwerk ontwikkel:



Figuur 1: Konseptuele raamwerk wat as basis dien vir die ontwikkeling van die intervensieprogram gerig op die herstel en herwinning van klere en ander tekstielartikels (Kotzè, 1994:21; Hall, 2001:98; Blansett & McKenna, 2001:50; Goldsmith, 2000:7; Vorster *et al.*, 2000:505; Fawcett *et al.*, 1994:25).

1.4 NAVORSINGSDOELWITTE EN DOELSTELLINGS

Uit die THUSA-studie, het die multi-dissiplinêre FLAGH-studie (Farm Labour And General Health) voortgespruit, ten einde die spesifieke behoeftes van die plaasbewoners aan te spreek (Larney en Venter, 2002:1). Die algemene doel van die FLAGH-studie is om intervensieprogramme te implimenteer wat gerig is op plaasbewoners. Die intervensieprogramme bemagtig plaasbewoners om hul eie lewensomstandighede te verbeter en sodoende hul lewenskwaliteit te verhoog. Die Verbruikerswetenskappe-navorsingsgroep betrokke by die FLAGH-subprojek fokus op hulpbronbestuur (klere, tyd en finansies). Eerstens is 'n volledig situasieanalise van die vroulike plaasbewoners se bestuur van hierdie hulpbronne uitgevoer. Na aanleiding hiervan is spesifieke intervensieprogramme ontwikkel wat fokus op die

bestuur van hulpbronne. Die intervensieprogramme is geïmplimenteer en geëvalueer. Die programme is dan aangepas na aanleiding van die resultate van die evaluering.

1.4.1 Algemene doelstelling

Hierdie betrokke studie het deel uitgemaak van die Verbruikerswetenskappe FLAGH-subprojek, waar 'n opvoedkundige intervensieprogram ontwikkel, geïmplimenteer en geëvalueer is. Die algemene doel van hierdie projek was om vroulike plaasbewoners se naaldwerkvaardighede te ontwikkel, ten einde die reeds bestaande hulpbronne van tyd, klere en ander tekstielartikels optimaal te benut. Deur die optimale benutting en bestuur van hierdie hulpbronne, kan minder geld bestee word aan items soos klere en meer geld kan beskikbaar wees vir ander basiese behoeftes, soos voedsel.

1.4.2 Spesifieke doelstellings

Ten einde die algemene doelstelling te kon bereik, is die volgende spesifieke doelstellings gestel:

1.4.2.1 Ontwikkel 'n opvoedkundige intervensieprogram wat ten doel het om:

- Die naaldwerkvaardighede van die vroue te ontwikkel.
- Die vroue metodes te leer hoe om ou of stukkende klere en ander tekstielartikels te herstel en te herwin.

1.4.2.2 Implementeer die intervensieprogram soos in 1.4.2.1 genoem.

1.4.2.3 Evalueer die program asook vaardighede wat tydens die program aangeleer is.

1.4.2.4 Maak aanbevelings vir die moontlike implimentering van dieselfde of soortgelyke programme in die toekoms.

1.5 METODOLOGIE

Die navorsing is op twee plase in die Rysmierbultdistrik in die Noordwesprovinsie van Suid-Afrika uitgevoer. Die intervensiemodel soos Fawcett *et al.* (1994:25-55) dit beskryf, is vir hierdie navorsing gevolg. Hiervolgens bestaan intervensienavorsing uit ses fases. Die ses fases en die toepassing daarvan in hierdie studie is getabuleer in Tabel 1.

	Fases van intervensienavorsing	Toepassing in hierdie navorsing
1.	Probleem-analise en projekbeplanning.	'n Situasieanalise is deur Larney en Venter (2002:1) gedoen. Hierdie ondersoek het 'n behoefte vir die verbetering van die vroulike plaasbewoners se naaldwerkvaardighede getoon.
2.	Inligtingversameling en –sintese.	'n Volledige literatuurstudie rondom volwasse onderrig; die opstel van opvoedkundige programme; gemeenskapsontwikkeling en kapasiteitsbou; intervensieprogramme en die evaluering van programme; naaldwerktegnieke en –vaardighede asook die waarde van naaldwerk, is uitgevoer.
3.	Ontwerp	Kursusinhoud is bepaal deur verskeie items te maak om moontlike tegnieke wat aangeleer kan word, te illustreer. Die gewildste items is deur voornemende deelnemers gekies deur middel van meerderheidstemme.
4.	Vroeë ontwikkeling en loodstoetsing	Die kursus is verdeel in ses lesse. Lesse sluit telkens 'n item, wat herstel word en 'n nuwe item wat deur herwinning gemaak word, in. 'n Handleiding is saamgestel, om tegnieke wat aangeleer word te illustreer. Die handleiding illustreer deur middel van sketse, en kort verduidelikings in Engels. Die kursus is een middag per week, vir ses weke te Rysmierbult aangebied.
5.	Evaluering en gevorderde ontwikkeling	Die vaardighede van deelnemers is met behulp van 'n voor- en natoets wat uit verskeie naaldwerktegnieke bestaan, geëvalueer. Die toetse is geëvalueer en die moontlike toename in vaardigheid is statisties bereken. Twee assessors is gebruik om betroubaarheid te verseker. Die produkte wat tydens die kursus gemaak is, is volgens 'n lys van kriteria deur twee assessors geëvalueer. Die program is geëvalueer met behulp van 'n vraelys wat deur deelnemers voltooi is, om kommentaar te lewer oor die aanbieding van die kursus, die sukses van die program en ook om probleme te identifiseer. Aanbevelings, vir die moontlike aanpassing en verbetering van kursusinhoud, -handleiding, of –aanbieding na aanleiding van die resultate verkry in die evalueringsfase, is gemaak.
6.	Verspreiding van die intervensie.	Hierdie fase kan in die toekoms onderneem word.

TABEL 1: DIE FASES EN TOEPASSING VAN INTERVENSIENAVORSING [Aangepas vanuit Fawcett *et al.*, 1994:25-55)]

1.6 TERME EN DEFINISIES VAN BELANG VIR DIE NAVORSING

1.6.1 Plaaswerkers

Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) deur Odendaal en Gouws (2000:849) is 'n plaas ' 'n stuk grond wat onder andere gebruik word om gewasse te kweek of as weiding vir vee,' terwyl 'n werker (Odendaal en Gouws, 2000:1366) 'iemand is wat werk.' 'n Plaaswerker is dus iemand wat op 'n stuk grond werk wat gebruik word om gewasse te kweek of as vir weiding vir vee gebruik word.

1.6.2 Plaasbewoners

'n Bewoner (Odendaal en Gouws, 2000:90) 'is iemand wat woon in 'n huis, land of plek.' Vanuit die vorige term kan dus afgelei word dat 'n plaasbewoner iemand is wat op 'n stuk grond woon wat gebruik word om gewasse te kweek of as weiding vir vee gebruik word. Daar behoort daarop gelet te word dat 'n plaasbewoner nie noodwendig 'n plaaswerker impliseer nie.

1.6.3 Gemeenskapsontwikkeling

Gemeenskapsontwikkeling behels die taak om 'n gemeenskap te help om hulself te kan help (Swanepoel, 1992:1). Weyers (2001:7) definieer gemeenskapsontwikkeling as die proses waar pogings van die gemeenskap self verenig word met die van die owerhede, ten einde die ekonomiese, sosiale en kulturele omstandighede van die gemeenskap te verbeter. Hierdeur word gemeenskappe betrek by die res van die samelewing, om sodoende 'n bydrae te kan lewer tot nasionale vooruitgang. Francis en Henderson (1992:17) beskryf gemeenskapsontwikkeling as 'n aksie wat gemoeid is om mense te help om saam te werk in 'n gemeenskap, om te groei in vertroue en bevoegdheid, ten einde hul prioriteite en behoeftes aan te spreek.

1.6.4 Volwasse onderrig

Knowles (1980:42) stel twee kriteria waarvolgens 'n persoon as volwassene beskou kan word. Die eerste kriterium kyk watter persone soos volwassenes optree en die rol van 'n volwassene vervul. Dus is 'n persoon 'n volwassene op grond van die mate waarin hy die sosiale rol wat tipies aan 'n volwassene in ons samelewing toegeken word, vervul. Die tweede kriterium bepaal watter persone se selfkonsep die van 'n volwassene is. Dit impliseer dat 'n persoon 'n

volwassene is op grond van die mate waarin 'n persoon homself as verantwoordelik vir sy eie lewe en bestaan sien (Gravett, 1990a:44).

Onderrig is volgens Jarvis (1995:41-43) 'n proses waarby enige beplande reeks insidente gerig word op die deelnemer se verstaanbaarheid en leer. Volwasse onderrig kan dus gesien word as 'n proses wat leer en verstaanbaarheid ten doel het, en waarby die deelnemers hulself as volwasse beskou en deur ander as volwassenes beskou word.

1.6.5 Die verband tussen (gesinshulpbron)bestuur en lewenskwaliteit

Goldsmith (2000:342) beskryf lewenskwaliteit as die mate van tevredenheid wat 'n persoon ervaar met sy verhoudings en omgewing. Lewenskwaliteit kan ook beskou word as die welstand van 'n persoon. Een van die doelwitte van (gesinshulpbron)bestuur is om middele of wyses te skep ten einde lewenskwaliteit van individue en gesinne te kan verbeter.

1.6.6 Intervensienavorsing

Intervensienavorsing word gedoen om middele te skep vir die verbetering van gemeenskapslewe, -gesondheid en –welstand (Fawcett *et al.*, 1994:25), (De Vos, 1998:384).

1.6.7 Basiese behoeftes

Goldsmith (2000:6) beskryf 'n behoefte as iets wat benodig word om te kan oorleef of om lewe in stand te hou. Basiese behoeftes sluit in voedsel, skuiling, lug, ensomeer (Goldsmith, 2000:11).

1.6.8 Armoede

Armoede is 'n toestand waar 'n persoon nie die vermoë het om aan sy eie basiese behoeftes op 'n konstante basis te voorsien nie (Goldsmith, 2000:191).

1.7 STRUKTUUR VAN SKRIPSIE

Hierdie skripsie word aangebied in artikelformaat. Die navorsingswerk bestaan uit 'n opvoedkundige naaldwerkprogram met die oog op herstel en herwinning van klere en ander tekstielartikels. Die uitleg van die skripsie sien soos volg daaruit:

- **Hoofstuk 1** van die skripsie dien as inleiding en motivering vir die studie.

- **Hoofstuk 2** bied 'n oorsig van reedsbestaande verwante literatuur.
- **Hoofstuk 3** bestaan uit 'n wetenskaplike artikel oor 'n opvoedkundige naaldwerkprogram gerig op die herstel en herwinning van klere en ander tekstielartikels. Die artikel sal moontlik ingedien word vir publikasie in die Tydskrif vir Gesinsekologie en Verbruikerswetenskappe. Die relevante verwysings van Hoofstuk drie is voorsien aan die einde van die artikel, volgens die voorskrifte van die betrokke tydskrif.
- In **Hoofstuk 4** volg 'n opsomming van alle resultate, gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak.

Die verwysings in Hoostuk een, twee en vier word voorsien soos voorgeskryf deur die Noordwes-Universiteit.

Uit die aard van die skripsie, kan daar nie in die hoofstuk wat die metode en resultate beskryf (Hoofstuk 3), na addenda verwys word nie. Vir volledigheid word daar egter wel addenda aan die einde van die skripsie aangeheg.

1.8 BIBLIOGRAFIE

BLANSETT, C., MCKENNA, J. 2001. Assets: an opportunity for the working poor. *Journal of family and consumer sciences*, 93(1): 50-53.

DE VOS, A.S. *ed* 1998. Research at grass roots – a primer for the caring professions. Pretoria : J.L. van Schaik Publishers.

FAWCETT, S.B., SUAREZ-BALCAZAR, Y., BALCAZAR, F.E., WHITE, G.W., PAINE, A.L., BLANCHARD, K.A., EMBREE, M.G. 1994. Conducting intervention research – the design and development process. (*In* ROTHMAN, J., THOMAS, E.J. *eds.* Intervention research: design and development for human service. New York : The Haworth Press. p.25-55.)

FRANCIS, D., HENDERSON, P. 1992. Working with rural communities. London : The MacMillan Press Ltd.

FRENCH, E. 1992. Adult literacy in South Africa: past to present. (*In* Hutton, B. *ed.* Adult basic education in South Africa. Cape Town : Oxford University Press. p. 48-85.)

GOLDSMITH, E.B. 2000. Resource management for individuals and families. 2nd ed. Minneapolis : Wadsworth.

GRAVETT, S.J. 1990a. Die volwassene as leerder: deel 1. *Bulletin vir dosente (RAU),* 22(1):43-52, October.

HALL, R. 2001. Farm workers versus the world market. *Agenda* 48:98-101

HORN, M.J., GUREL, L.M. 1981. The second skin: an interdisciplinary study of clothing. 3rd ed. Houghton Mifflin Company : Boston.

HUTTON, B. *ed.* 1992. Adult basic education in South Africa. Cape Town : Oxford University Press.

JANSE VAN VUUREN, A. 2005. Altesame 450 miljoen plaasarbeiders wêreldwyd leef in armoede. *Die Beeld*:26, Oktober 7.

JARVIS, P. 1995. Adult and continuing education: theory and practice. 2nd ed. London : Routledge.

KAMPER, G.D. 1997. Gemeenskapsontwikkeling en onderwysvoorsiening – 'n kusoriese verbandlegging. *Educare*, 26(1,2):46-55.

KNOWLES, M.S. 1980. The modern practice of adult education, from pedagogy to andragogy. New York : The Adult Education Company.

KOTZE, D.A. 1994. The need for adult education. *Africanus: Journal for development alternatives*, 24(2):20-30,

LARNEY, M., VENTER, M.D. 2002. Summary research findings: FLAGH project, family resource management. PU for CHE : Potchefstroom. (Unpublished).

LOMBARD, A., WEYERS, M.L., SCHOEMAN, J.H. 1991. Gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling – perspektiewe op mensontwikkeling. Pretoria : HAUM-Tersiêr.

LYSTER, E. 1992. An overview of the debates. (*In* Hutton, B. *ed.* Adult basic education in South Africa. Cape Town : Oxford University Press. p. 9-47.)

ODENDAAL, F.F., GOUWS, R.H. *reds.* 2000. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand : Perskor Uitgewers.

ROTHMAN, J., THOMAS, E.J. *eds.* 1994. Intervention research: Design and development for human service. New York : The Haworth Press.

SWANEPOEL, H. 1992. Community development – putting plans into action. 2nd ed. Kaapstad : Juta & Co, Ltd.

VORSTER, H.H., WISSING, M.P., VENTER, C.S., KRUGER, H.S., KRUGER, S., MALAN, N.T., DE RIDDER, J.H., VELDMAN, F.J., STEYN, H.S., MARGETTS, B.M., MACINTYRE, U. 2000. The impact of urbanization on physical and mental health of Africans in the North-West Province of South Africa: the THUSA Study. *South African Journal of science.* 96(9/10):505-514.

WARREN-BROWN, G. 2000. The grave matter of learning. *Leadership.* :32-36, September.

WEYERS, M.L. 2001. The theory and practice of community work: a South African perspective. Potchefstroom : Keurkopie.

HOOFSTUK 2 - LITERATUUROORSIG

2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die agtergrond, doel en metode van hierdie intervensieprogram aangedui. Die fases van intervensienavorsing, soos deur Fawcett *et al.* (1994:25-55) voorgestel, is bespreek. Hierdie hoofstuk maak deel uit van die tweede fase van intervensienavorsing, naamlik inligtingversameling en –sintese. In hierdie hoofstuk word 'n oorsig oor bestaande literatuur rondom onderwerpe soos volwasse onderrig, gemeenskapsontwikkeling, intervensieprogramme, die evaluering van programme en naaldwerk gegee. Riglyne en moontlike probleme wat ervaar kan word word ook bespreek.

Guttmann en Sussman (1995:1) stel dat 'om 'n verskil te maak' 'n vereiste en 'n wesenlike doel vir 'n samelewing is. Een van die belangrikste doelwitte vir intervensienavorsing is om middele te skep vir die verbetering van gemeenskapslewe, -gesondheid en –welstand (Fawcett *et al.*, 1994:25, Guttmann en Sussman, 1995:1). Daar kan dus afgelei word dat intervensienavorsing fokus op basiese behoeftes van mense ten einde die gemeenskapslewe, -gesondheid en –welstand te verbeter. Kleding, voedsel en skuiling maak deel uit van die basiese behoeftes van die mens. Klere is 'n belangrike sosiale en sielkundige simbool vir die individu (Horn & Gurel, 1981:1-2). Net so het die mens ook 'n basiese behoefte om te leer (Jarvis, 1995:43). Dit is egter belangrik dat die leerbegeleier van volwassenes kennis van die volwasse leerder se eienskappe sal dra, sodat onderwys aan volwassenes dienooreenkomstig sal geskied (Gravett, 1990b:52; Gravett, 1990a:43-45).

2.2 AGTERGROND: LEER EN GELETTERDHEID

2.2.1 Leer

Leer is 'n kontinue handeling waarby die totale mens betrokke is (Lategan, 1991:72). Dit is 'n komplekse proses met duursame, permanente resultate waardeur nuwe gedragsmoontlikhede van die persoon ontstaan, of reeds bestaande gedragswyses verander word (De Wet *et al.*, 1981:1). Jarvis (1995:1) stel dat as gevolg van die vinnige veranderinge in die samelewing, persone byna gedwing word om voortdurend te bly leer. Leer is dus 'n lewenslange proses (Lategan, 1991:73).

As vereiste vir leer, moet die leerder leergemotiveerdheid besit (Lategan, 1991:73). Leergemotiveerdheid is volgens Lategan (1991:74) 'n doelgerigte handeling wat leer tot stand wil bring en die intensiteit van die leerder se betrokkenheid by die leerhandeling bepaal.

Leergemotiveerdheid word bevorder deur faktore soos belangstelling; potensiaal; realistiese selfbeeld, die suksesvolle begeleiding deur die fasiliteerder; identifikasie met leerinhoud; die skep van realistiese doelwitte vir die leerder en erkenning van vorige ervaring (Lategan, 1991:75).

Faktore wat leergemotiveerdheid by die leerder kan belemmer sluit in stres en angs; swak onderrig; gebrekkige verwysingsraamwerk; swak konsentrasie (Lategan, 1991:75-76), en 'n gevoel van afhanklikheid wat dikwels met leer geassosieer word (Froman, 1994:163).

2.2.2 Geletterdheid

Die term 'geletterdheid' impliseer nie slegs die tegniese vermoëns van 'n persoon om te kan lees en skryf nie, maar word eerder gebruik om na die basiese opvoeding van 'n persoon te verwys. Hierdie basiese opvoeding sluit die vermoë om te lees, skryf, tel en ook ander areas soos vaardighede, gedrag en kennis, in (Lyster, 1992: 11).

2.2.3 Voorkoms van ongeletterdheid in Suid-Afrika

Soos reeds genoem in Hoofstuk 1, is ongeletterdheid in Suid-Afrika 'n wesenlike probleem. In die meeste lande is daar meer vroue as mans wat ongeletterd is. In Suid-Afrika is daar egter meer swart vroue wat geletterd is as swart mans (French, 1992:50). Dit kan toegeskryf word aan die migrasie-arbeidstelsel, asook aan die druk wat op mans rus om werk te verrig wat nie geletterdheid vereis nie. Daarteenoor het vroue wat tuis bly, of huishoudelike werk doen, beter geleenthede om geletterd te word. Daar is ook 'n baie groter aantal ongeletterde swart- en kleurlingmense in landelike gebiede as in stedelike gebiede (French, 1992:51; Serumaga-Zaka & Naude, 2002:560).

2.2.4 Motivering vir volwasse opvoeding

Verskeie programme is alreeds vir volwassenes aangebied. 'n Voorbeeld van so 'n program is die opvoedkundige program wat deur die Kaapse Metropolitaanse Raad aangebied is vir semi-geletterde werkers. Die program het getoon dat leerders wat hieraan deelgeneem het, na afloop van die program meer selfvertroue ontwikkel het, meer respek ontvang van ander, nie meer bang is nie, en meer in hulself glo. Bykans al die deelnemers het gemeen dat die program hulle lewens verander het (Warren-Brown, 2000:33-34). Lakin (1997:17) meen dat opvoeding mense bemagtig, want dit open ontoeganklike kommunikasiekanale, brei persoonlike keuses en beheer oor mens se omgewing uit en dit is nodig om baie ander vaardighede te bekom.

2.3 DIE KONSEP: GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Gemeenskapsontwikkeling behels die taak om 'n gemeenskap te help om hulself te kan help (Swanepoel, 1992:1). Ewalt, Freeman & Poole (1998:xi) beskryf die klemverskuiwing van gemeenskapsorganisering na gemeenskapsontwikkeling. Met gemeenskapsontwikkeling is gemeenskapslede self aan die stuur, met die fasiliteerder eerder in 'n raadgewende of fasiliterende rol.

Lombard, Weyers & Schoeman (1991:72) bespreek die verskil tussen "gemeenskapswerk" en "gemeenskapsontwikkeling". Hiervolgens word na "gemeenskapsontwikkeling" verwys wanneer daar breë omvattende gemeenskapswerk, wat alle ontwikkelingsdimensies en -dissiplines omsluit, gedoen word. Daarteenoor verwys "gemeenskapswerk" uitsluitlik na maatskaplik werk in gemeenskapsverband. Francis & Henderson (1992:17) beskryf gemeenskapsontwikkeling as 'n aksie wat gemoeid is om mense te help om saam te werk in 'n gemeenskap, om te groei in vertroue en bevoegdhede, ten einde hul prioriteite en behoeftes aan te spreek.

Porritt (1998:xi) en Sekwati *et al.* (2001:23) beklemtoon dat gemeenskapsontwikkeling en volhoubare ontwikkeling hand aan hand moet gaan. Volgens hulle kan die konkrete doelwitte van gemeenskapsontwikkeling bereik word, maar tensy die gemeenskap die ontwikkeling as hul eie vertroetel en voed, sal daar nie blywende resultate wees nie. Die konkrete doelwit kan byvoorbeeld wees om 'n naaldwerkgroep te stig, wat op 'n spesifieke dag in die week bymekaar kom om saam naaldwerk te doen. Die groep kan gestig word en voortgaan met hierdie aktiwiteit solank as wat die fasiliteerder teenwoordig is. Indien die gemeenskap egter nie die instelling vertroetel as hul eie nie, sal die groep moontlik ook ontbind sodra die fasiliteerder onttrek.

Swanepoel (1992:1), Francis & Henderson (1992:2) en Lombard, Weyers & Schoeman (1991:29) noem dat baie fasiliteerders gemeenskapsontwikkeling 'n baie moeilike taak vind om te doen, bloot omdat hulle nie daarvoor opgelei is nie. Fasiliteerders is dikwels kundiges op ander gebiede, soos gesondheid, of landbou, wat hul kundigheid op wyses moet toepas wat vir hul onbekend of vreemd is. Ook Cody *et al.* (1998:28) is van mening dat selfs maatskaplike werkers nie behoorlik opgelei word tydens 'n enkele kursus nie.

Die volgende is konsepte wat gemeenskapsontwikkeling omskryf:

- *Gemeenskapsontwikkeling spreek beide konkrete en abstrakte menslike behoeftes aan* (Swanepoel & De Beer, 1996b:44; Francis & Henderson, 1992:2; Lombard, Weyers & Schoeman, 1991:79) – 'n Gemeenskapsprojek se doel is gewoonlik konkreet, hoewel vele abstrakte doelwitte in die proses om die konkrete doelwit te vervul, bereik word.

Abstrakte menslike behoeftes (soos selfvertroue en menswaardigheid) is die blywende resultate van gemeenskapsontwikkeling (Swanepoel, 1992:2).

- *Gemeenskapsontwikkeling is 'n (leer)proses* (Swanepoel, 1992:3; Lombard, Weyers & Schoeman, 1991:122) – Met elke stap om 'n spesifieke doel te bereik, leer 'n mens en kan die volgende stap beter aangepak word (Swanepoel, 1992:4).
- *Gemeenskapsontwikkeling is 'n kollektiewe aksie* (Swanepoel, 1992:4; Lombard, Weyers & Schoeman, 1991:122) – Met gemeenskapsontwikkeling werk 'n groep mense met gemeenskaplike belange saam as 'n eksklusiewe groep mense.
- *Gemeenskapsontwikkeling is behoefte-georiënteerd* (Swanepoel, 1992:4) – Vir gemeenskapswerk om suksesvol te wees, moet daar 'n persepsie van behoefte, krisis en dringendheid bestaan.
- *Gemeenskapsontwikkeling is doelwit-georiënteerd* (Swanepoel, 1992:5) – Die oorhoofse doel van baie gemeenskapsprojekte is 'n 'beter lewe' wat verkry word deur doelwitte wat konkrete behoeftes aanspreek, asook mense se persepsies en eindelik hul aksies rig.
- *Gemeenskapsontwikkeling vind plaas by voetsoolvlak* (Swanepoel, 1992:5) – Gemeenskapsontwikkelingsprojekte is klein en eenvoudig en fokus op die basiese behoeftes van gewone mense in die gemeenskap (Swanepoel, 1992:6).
- *Gemeenskapsontwikkeling lei tot gemeenskapsbou* (Swanepoel, 1992:6) – Met gemeenskapsontwikkeling ontwikkel mense selfgenoegdheid, selfvertroue en waardigheid. Leierskapstrukture word ontwikkel en vaardighede soos beter organisering, onderhandeling en beplanning word ontwikkel en verbeter. Uiteindelik lei dit ook tot lewensverbetering. Deur die bereiking van konkrete doelwitte kan die kwaliteit van lewe verbeter (Swanepoel, 1992:8).
- *Gemeenskapsontwikkeling skep 'n bewustheid* (Swanepoel, 1992:8) – Mense raak meer bewus van hulself en hul omgewing, hul behoeftes en hulpmiddels, hul omstandighede en vermoë om hul omstandighede te beïnvloed.
- *Gemeenskapsontwikkeling lei tot verdere ontwikkeling* (Swanepoel, 1992:9) – Die bereiking van 'n spesifieke doelwit lei dikwels tot die identifisering van 'n volgende behoefte, gee meer selfvertroue en skep entoesiasme om 'n volgende projek aan te pak.

2.4 INTERVENSIENAVORSING: FASES EN AKTIWITEITE

Fawcett *et al.*, (1994:25-43) en later ook De Vos (1998:370) bespreek die fases en aktiwiteite van intervensienavorsing as ses onderskeidelike fases. Serrano-Garcia (1990:174-5) identifiseer drie soortgelyke fases as die ingangsfase (wat ooreenstem met fase 1 van Fawcett *et al.*), die voortsettingsfase (wat die volgende drie fases naamlik fases twee tot vier kombineer) en die endfase (wat die laaste twee fases naamlik fases vyf en ses kombineer). Sy voeg by dat

alle deelnemers in navorsing by besluitneming en elke fase van navorsing betrokke moet wees, hoewel soveel deelname hoogs onwaarskynlik is.

Vervolgens word die fases van intervensienavorsing, soos oorspronklik voorgestel deur Fawcett *et al.* (1994:25-43), bespreek. Slegs ooreenstemmende of teenstrydige inligting vanuit ander bronne as hierdie, sal verder in hierdie afdeling vermeld word.

2.4.1 Probleem-analise en projekbeplanning

Serrano-Garcia (1990:176-177) bespreek hierdie fase as die ingangsfase. Hierdie fase dien as basis vir die ontwikkeling van die verhouding tussen die fasiliteerder en die gemeenskap. Gedurende hierdie fase moet wyses gevind word om soveel moontlik inligting uit te ruil.

Die fase waar die fasiliteerder kontak maak met die gemeenskap is volgens Swanepoel & De Beer (1996b:39) die belangrikste fase in gemeenskapsontwikkeling. Die kontakmaakfase het drie hoofdoelstellings: eerstens moet die gemeenskap die fasiliteerder leer ken en aanvaar (Francis & Henderson, 1992:82), tweedens moet die fasiliteerder die gemeenskap se mense en hul omstandighede leer ken, en derdens moet die fasiliteerder en die lede van die gemeenskap bewus raak van die behoeftes van die gemeenskap (Swanepoel & De Beer, 1996b:40; Francis & Henderson, 1992:97). Die werker betree die gemeenskap met die wete dat nie al die lede aan die gemeenskapsprojek gaan deelneem nie. Hy of sy moet dus 'n groep mense identifiseer wat die aksiegroep gaan vorm.

Die fasiliteerder moet versigtig wees om nie die gemeenskap te ontwrig nie. 'n Gemeenskap het die neiging om te sluit vir enige vreemdelinge wanneer dit ontwrig word. Die fasiliteerder se toetrede tot die gemeenskap moet informeel en ongemerk plaasvind sodat dit nie die ritme van die samelewing versteur nie (Swanepoel & De Beer, 1996b:40).

Fawcett *et al.* (1994:25) noem die volgende take wat in die eerste fase van intervensienavorsing uitgevoer moet word:

- Identifiseer en betrek kliënte.
- Verkry toegang en samewerking. Dit is belangrik om 'n verhouding van vertroue en eerlikheid op te bou (Serrano-Garcia, 1990:177).
- Identifiseer die behoeftes van die populasie. Dit begin reeds met die eerste fase waar kontak gemaak word met die gemeenskap. 'n Meer formele fase van behoeftebepaling volg wanneer die projek reeds begin het (Swanepoel, 1992:51). Volgens Swanepoel (1992:115) is dit belangrik dat daar konsensus bestaan oor die behoefte wat aangespreek word. Dit is

ook verkieslik dat slegs een behoefte per projek aangespreek moet word. Die behoefte moet maklik en vinnig bevredig kan word (Swanepoel & De Beer, 1996b:39).

- Analiseer die geïdentifiseerde probleme.
- Stel doelstellings en doelwitte.

2.4.2 Inligtingversameling en –sintese:

Die oogmerk van hierdie fase is om vas te stel wat ander navorsers alreeds op hierdie spesifieke terrein gedoen het.

- 'n Volledige literatuurstudie word gedoen (Serrano-Garcia, 1990:178; De Vos, 1998:369).
- Bestudeer natuurlike voorbeelde (Serrano-Garcia, 1990:177-8; De Vos, 1998:369). Onderhoude kan met individue gevoer word ten einde insig te verkry waarom vorige intervensies gewerk het al dan nie.
- Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle. Vorige onsuksesvolle intervensiepogings kan ook waardevolle inligting verskaf wat krities is vir die sukses van die intervensieprogram.

2.4.3 Ontwerp van 'n observasiesisteem

Na aanleiding van die aard van probleme wat geïdentifiseer is, kan 'n observasiesisteem ontwerp word. Die probleme wat geïdentifiseer is, het ook sekere gedrag of produkte geïdentifiseer wat moet verander. Die observasiesisteem word ontwikkel om die veranderde gedrag of veranderde produk te identifiseer vir evaluering. Die betroubaarheid en geldigheid van die waarnemings word beïnvloed deur die waarnemers se opleiding en ondervinding, sowel as die kompleksiteit en indringendheid van die meetsisteem.

2.4.4 Vroeë ontwikkeling en loodstoetsing

'n Prototipe of 'n voorlopige intervensie word ontwikkel sodat dit onder veldomstandighede geëvalueer kan word. Die loodstoets word uitgevoer om te bepaal of die intervensie sal werk. Die loodstoets moet gedoen word in soortgelyke omstandighede as waar die intervensie sal plaasvind.

2.4.5 Evaluering en gevorderde ontwikkeling

Volgens Swanepoel (1992:117) en Francis & Henderson (1992:124-125) is die evaluering van 'n gemeenskapsprojek absoluut noodsaaklik en vorm dit 'n integrale deel van die projek.

Intervensienavorsing word onderskei van suiwer aktivisme deur die gebruik van navorsingsmetodes om te bepaal hoe en waarom 'n program werk al dan nie. Loodstoetse en veldnabootsings om die intervensie te toets en te verfyn onderskei intervensienavorsing van blote programevaluering.

Evaluering kan gedefinieer word as 'n sistematiese ondersoek na die waarde of meriete van 'n saak, byvoorbeeld 'n program, projek of onderriggewende materiaal (The evaluation center, 2002). Opvoedkundige en opleidingsprogramme word geëvalueer ten einde die kwaliteit daarvan te bepaal asook elemente aan te dui vir verbetering van die program (The evaluation centre, 1994:1).

Programevaluering is 'n sistematiese proses om inligting rakende 'n program in te samel en te analiseer ten einde 'n besluit te kan neem, of inligting aan ander te verskaf wat betrokke is by die besluitnemingsproses. Programevaluering hoef nie noodwendig aan die einde van 'n program plaas te vind nie, maar is 'n deurlopende proses (Saskatchewan Education, training and employment, 1993; De Vos, 1998:365).

Daar bestaan 'n onderskeid tussen programevaluering en assessering. Vanuit Saskatchewan Education, training and employment (1993) kan afgelei word dat die doel van assessering hoofsaaklik is om die vordering van leerders te bepaal. Assesseringstegnieke word gekies ten einde te bepaal hoe goed leerders sekere doelstellings bereik het. Dit is dus duidelik dat daar tydens hierdie fase van intervensienavorsing, slegs na evaluering, en nie na assessering verwys word nie.

Evaluering kan as 'n sikliese proses beskou word wat uit hoofsaaklik vier fases bestaan:

Fase 1: Die voorbereidingsfase

Tydens hierdie fase moet besluite geneem word rondom aspekte soos: wat geëvalueer moet word, die tipe evaluering wat gebruik gaan word (byvoorbeeld formatief, opsommend of diagnosties), die kriteria waarteen die leeruitkomste gemeet sal word, asook die geskikste assesseringstrategieë wat gebruik sal word (Saskatchewan Education, training and employment, 1993). Swift (1990:196) waarsku dat navorsers bedag moet wees op onverwagte of onbedoelde veranderinge wat plaasvind as gevolg van die navorsing wat gedoen word.

Fase 2: Assesseringsfase

Gedurende hierdie fase word inligting vanaf 'n loodstoets en meer formele evaluering versamel en geanaliseer (Fawcett *et al.*, 1994:38). Strategië word geïdentifiseer om inligting in te samel. Inligting aangaande leerders se vordering word ingesamel. Belangrike aspekte om in gedagte te

hou, is om alle vooroordele (bv. geslags- of kulturele vooroordele) te identifiseer en uit die assesseringstrategië en -instrumente uit te skakel. Daar moet bepaal word waar, wanneer en hoe assessering gaan plaasvind (Saskatchewan Education, training and employment, 1993). Volgens Fawcett *et al.* (1994:39) word die betroubaarheid en kopieerbaarheid van bevindinge verseker deur die gebruik van twee of meer waarnemers om data gelyktydig in te samel. Vlakke van ooreenstemming van tagtig persent of meer dwarsdeur die navorsing, waar meer as een waarnemer gebruik is, dui daarop dat die instrumente konsekwent is met verloop van tyd.

Fase 3: Evalueringsfase

Die herhaling van die intervensie onder veldomstandighede vind tydens hierdie fase plaas. Teen hierdie tyd behoort alle instruksies, handleidings en alle ander tasbare vorme van die prototipe reeds ontwikkel, getoets en hersien te wees (Saskatchewan Education, training and employment, 1993).

Fase 4: Refleksie- /oordenkingsfase

Tydens hierdie fase word die intervensie verfyn (Fawcett *et al.*, 1994:42) Serrano-Garcia (1990:179) beklemtoon dat dit noodsaaklik is dat die inligting wat verkry is, ook aan die gemeenskap voorgehou moet word. Gedurende hierdie fase word die bruikbaarheid en toepaslikheid van die assesseringstrategië geëvalueer, en besluite rakende verbeterings en aanpassings word geneem (Saskatchewan Education, training and employment, 1993).

2.4.6 Verspreiding van die intervensie na gemeenskapsorganisasies en ander teikengroepe

Die intervensieprogram word nou voorberei vir verspreiding. 'n Handelsnaam word gekies en die prys van die produk bepaal. Standaarde vir gebruik word gestel deur riglyne te gee vir die korrekte gebruik van gemeenskapsintervensies. Potensiële teikenmarkte vir die intervensie word geïdentifiseer, en 'n aanvraag vir die produk word geskep.

Thomas en Rothman (1994:9) wys daarop dat, hoewel bogenoemde fases stapsgewys uitgevoer word, sommige aktiwiteite, wat met 'n spesifieke fase geassosieer word, kan voortduur selfs na die begin van 'n volgende fase. Dit mag ook gebeur dat daar na vorige fases teruggekeer word wanneer probleme ondervind, of nuwe inligting bekom word.

2.5 DIE HOOFROLSPELERS IN GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Die twee hoofrolspelers in gemeenskapsontwikkeling is die aksiegroep (Swanepoel & De Beer, 1996b:18) en die gemeenskapswerker of fasiliteerder (Swanepoel, 1992:12-20). Ander rolspelers kan in vier hoofsektore verdeel word, naamlik die publieke sektor, privaatsektor, nie-

regerings sektor en die populêre of gemeenskapsgebaseerde sektor (Swanepoel & De Beer, 1996b:18-20). Vir die doel van hierdie studie sal slegs die twee hoofrolspelers bespreek word.

2.5.1 Die aksiegroep

Volgens Swanepoel en De Beer (1996b:1) en Lombard, Weyers & Schoeman (1991:65) is 'n gemeenskap nie 'n geïsoleerde, permanente entiteit wat maklik geïdentifiseer en genader kan word vir gemeenskapsontwikkeling nie. 'n Gemeenskap, volgens Hawtin, Hughes & Percy-Smith (1995:33), word gebaseer op geografiese areas wat verskil in grootte, of op ander gemeenskaplike eienskappe soos ouderdom, geslag, etnisiteit of nasionaliteit of 'n gemeenskaplike belang wat deur 'n spesifieke groep mense gedeel word. Grense tussen gemeenskappe is vaag en diffuus. Kleiner groepe binne die groter gemeenskap of geïntegreerde gemeenskappe moet geïdentifiseer word (Francis & Henderson, 1992:82), wat dan 'n aksiegroep genoem word. Daar is vyf maniere waarop 'n aksiegroep tot stand kan kom vir gemeenskapsontwikkeling, waarvan die eerste en die vyfde opsies volgens Swanepoel (1992:12-13) die mees wenslike maniere is:

- 'n Instelling soos 'n skool of kerkgroep kan as aksiegroep optree.
- 'n Paar instellings wat dieselfde belange het en wat gereeld interaksies met mekaar het, kan dien as 'n aksiegroep.
- 'n Wetlike entiteit, soos 'n area onder die jurisdiksie van 'n stamhoof, kan as aksiegroep dien.
- 'n Geografiese eenheid kan as aksiegroep optree indien die groep nie te groot is nie.
- 'n *Ad hoc* samestelling van individue met 'n gemeenskaplike behoefte kan as 'n aksiegroep gesien word. Die geografiese grense van so 'n groep moet egter redelik klein wees.

'n Algemene riglyn vir 'n aksiegroep soos Swanepoel (1992:114) dit stel, kan dus wees dat die groep 'n identifiseerbare eenheid moet wees, die groep moet redelik klein wees (Swanepoel & De Beer, 1996b:39) en die lede van die aksiegroep moet geografies redelik naby aan mekaar bly.

2.5.1.1 Volwassene as lid van die aksiegroep

Uit die aard van gemeenskapsontwikkeling en intervensienavorsing, is die meerderheid lede van die aksiegroep dikwels volwassenes. Knowles (1980:42) stel twee kriteria waarvolgens 'n persoon as 'n volwassene beskou kan word. Die eerste fokus op watter persone soos volwassenes optree en die rol van 'n volwassene vervul. Die tweede kriterium bepaal watter persone se selfkonsep die van 'n volwassene is, naamlik dat 'n persoon 'n volwassene is op

grond van die mate waarin 'n persoon homself as verantwoordelik vir sy eie lewe en bestaan sien (Gravett, 1990a:44, Kerka, 2002:2).

2.5.1.2 Toename in volwassenes as leerders

Volgens Gravett (1990a:44-45) het die aantal volwasse leerders met rasse skrede toegeneem. Redes wat hiervoor aangevoer word, is onder andere 'n kennisontploffing; die toename in die aantal volwassenes in geïndustrialiseerde lande; 'n wêreldwye verhoging in opvoedingspeil; al hoe meer getroude vroue wat tot die arbeidsmark toetree; toenemende beroepswisseling en ook as gevolg van die ontwikkeling van nuwe tegnologie wat aanleiding gee tot werkloosheid (Jarvis, 1995:5). Verder dra die veranderinge binne werksverband, soos verandering in strukture en nuwe tegnologie, waarby die volwassene moet aanpas (Froman, 1994:160) ook by tot hierdie toename.

2.5.1.3 Eienskappe van die volwasse leerder

Interne en fisiologiese prosesse betrokke by leer mag dieselfde verloop by kinders en volwassenes omdat dieselfde biologiese strukture by leer van kinders en volwassenes betrokke is. Die groter geheel van die leerproses en die resultaat van volwassenes se leer verskil egter van die van kinders as gevolg van sosiale, psigologiese en situasionele in ontwikkelingsveranderlikes wat 'n rol by leer speel (Brundage & MacKeracher, 1980:11; Kerka, 2002:2; Knapper & Cropley, 1991:52).

- Leervermoë

Die volwassene ondergaan tot in sy laat veertigs gewoonlik geen belangrike fisiese veranderinge wat leer kan beïnvloed nie. Vanaf die laat veertigs het die gemiddelde volwassene 'n stadiger responsspoed van die sentrale senuweesisteem (Brundage & MacKeracher, 1980:22). Ouer volwassenes het dus meer tyd nodig om te leer, hoewel die ondervinding van die volwasse leerder vir die stadiger leerspoed kan kompenseer (Gravett, 1990a:46).

Navorsing bewys dat die kapasiteit en bergingsvermoë van die langtermyngeheue nie nadelig beïnvloed word deur ouderdom nie, en dat die probleem wat met die korttermyngeheue ervaar word, die gevolg is van gebrekkige registrasie en daaropvolgende organisasie van die boodskap (Cross, 1981:163).

- Selfkonsep

Ten spyte van die voorafgaande bevindinge, kla baie volwassenes dat hulle leerprobleme ervaar. Die probleme kan toegeskryf word aan die feit dat die persone vir 'n geruime tyd nie by

leeraktiwiteite betrokke was nie, en nou 'n gebrek aan selfvertroue ervaar. Volwassenes onderskat dus hul eie leervermoëns (Knowles, 1980:55; Knapper & Cropley, 1991:52).

Die volwassene sien homself as 'n selfrigtinggewende persoon, wat impliseer dat die volwassene ook wat leer betref, as selfrigtinggewend gesien moet word (Gravett, 1990b:42). Selfrigtinggewende leer kan verwys na 'n leerder wat selfstandig leer sonder dat daar van 'n kursus, lesings of betrokkenheid by 'n formele leerinstansie sprake is, (Candy, 1988:161), of andersins na om selfverantwoordelikheid vir leer te aanvaar, eie leerbehoeftes te bepaal en leerdoelwitte te formuleer; eie leerstrategieë te beplan en selfevaluering te doen (Knowles, 1984:17-18). Gravett (1990:43) is egter van mening dat nie al die aspekte van selfrigtinggewendheid soos deur Knowles aangedui, altyd van toepassing is nie, aangesien sommige leerders nie oor die nodige vakkennis of vaardigheid beskik om selfrigtinggewend op te tree nie. Ook die selfvertroue probleem wat baie volwasse leerders ervaar wat vir 'n geruime tyd nie by 'n formele leeraktiwiteit betrokke was nie, het tot gevolg dat leerders in 'n groot mate afhanklikheid van die dosent toon (Knowles, 1980:55). Ander volwassenes kan 'n gebrek aan selfrigtinggewendheid toon wanneer hulle bloot aan leeraktiwiteite deelneem sodat daar vir hulle deure oopgemaak kan word, byvoorbeeld 'n verhoging of bevordering (Wlodkowski, 1986:218). Volgens Smith (1983:45) word volwassenes se menswaardigheid aangetas wanneer daar te min outonomiteit in die onderrigsituasie is.

- Ervaring

Die belangrikste verskil tussen die volwassene en die kind as leerder, is die volwassene se ervaring wat opgedoen is (Brookfield, 1988:320). Verder toon Knowles (1980:50) dat volwassenes meer van mekaar verskil, as in die geval van kinders, omdat elke volwassene oor ander lewens- en werkservaring beskik as kinders. Harriger (1994:184) merk dat daar meer verskille as ooreenkomste tussen volwassenes is. Hierdie ervaring van die volwassene is 'n ryk hulpbron vir leer – vir die volwassene self, sowel as vir die ander volwasse leerders (Knowles, 1980:50; Froman, 1994:163; Brundage & Mackeracher, 1980:36; Morphet, 1992:94).

- Leergereedheid

Volgens Knowles (1980:44,51) toon 'n volwassene leergereedheid wanneer hy met 'n probleem of uitdaging in sy lewe gekonfronteer word. Van Zyl & Lessing (1993:15) stel lewensoorgange as determinant vir leergereedheid by volwassenes. Tydens elke spesifieke oorgangstydperk is streskomponente teenwoordig wat met lewensoorgange geassosieer word. Persone wat in hierdie tydperke van hul lewens verkeer, is meer gereed om te leer aangesien die stres 'n persoon kan motiveer om nuwe take en verantwoordelikhede aan te leer.

- Leeroriëntasie

Die volwassene as leerder is probleem- en taakgeoriënteerd en toon 'n behoefte aan onmiddellike toepassing (Knowles, 1980:44,53). Na aanleiding hiervan, moet van die bekende na die onbekende beweeg word, om dit vir die volwassene makliker te maak om verbande te trek tussen die onbekende leerinhoud en sy lewenswerklikheid (Gravett, 1990b:49; Clifford & Kerfoot, 1992:157).

- Leerstyle

Volwassenes toon verskillende leerstyle. Jarvis (1995:81) lig leerstyle met betrekking tot volwassenes uit. Verskille bestaan tussen die aktiewe leerder teenoor passiewe leerder; assimileerder teenoor akkommodeerder; konkrete leerder teenoor abstrakte leerder; rasionaliseerder teenoor analiseerder; gefokusde leer teenoor skandeer; holisties teenoor serialisties; refleksie teenoor impulsiwiteit en die rigiede teenoor die aanpasbare leerder.

2.5.2 Die fasiliteerder

Die fasiliteerder van 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek kan 'n individu of 'n span mense wees. Die fasiliteerder moet 'n gesindheid van respek vir die mense, hulle norme en waardes hê. Hy moet besef dat hy 'n lewende entiteit binnedring, en moet die idee vestig dat hy en die aksiegroep vennote is. Hy moet meer gesteld wees op die abstrakte doelwitte van die aksiegroep (Swanepoel, 1992:15-20).

Die rol van die fasiliteerder word deur Francis & Henderson (1992:75), Swanepoel & De Beer (1996b:31-35) en Lombard, Weyers & Schoeman (1991:167-204) bespreek. Die fasiliteerder tree op as 'n deskundige, gids, bemagtiger, beplanner, organiseerder, koördineerder, motiveerder, navorser, skakelbeampte, opvoeder, administrateur, onderhandelaar, advokaat, aktivis, agitator en bemiddelaar.

2.5.2.1 Vereistes waaraan die fasiliteerder van volwasse onderrig moet voldoen:

Die fasiliteerder, betrokke by volwasse onderrig, moet 'n deskundige op sy vakgebied en 'n vaardige leerfasiliteerder wees (Gravett, 1990b:50). Johnson (1994:29) beklemtoon ook dat die fasiliteerder se rol in volwasse onderrig die van 'n fasiliteerder moet wees, wat groepinteraksie bevorder en die proses van kritiese denke en probleemoplossing begelei. Die fasiliteerder moet kennis dra van die verskille tussen kinders en volwassenes as leerders, en die implikasies daarvan in berekening bring in die onderrigsituasie. Leerders moet aktief betrek word by die beplanning en implementering van hul leerervaringe. Hy moet gepaste evalueringsmetodes ontwerp en implementeer ten einde doelwitbereiking te evalueer (Knowles, 1980:256). Die

fasiliteerder moet besef dat inligting nie vry van waardes is nie, maar dat inligting anders verstaan en geïnterpreteer word deur verskillende mense. Die fasiliteerder moet sensitief wees vir groepsdinamika, sowel as vir die individuele deelnemers se emosies en gesondheidstoestande (Johnson, 1994:213).

2.5.2.2 Persoonlike strategie

Die fasiliteerder se persoonlike strategie soos Swanepoel & De Beer (1996b:37-38), Francis & Henderson (1992:36) en Lombard, Weyers & Schoeman (1991:131-132) dit beskryf, is die fasiliteerder se uiteensetting van voorbereiding wat gedoen moet word. Die geskrewe persoonlike strategie sluit doelstellings, 'n plan van hoe doelstellings bereik gaan word, 'n tydraamwerk vir die volgorde en tye wanneer die doelstellings bereik moet word en ander bykomende faktore in.

2.6 OMGEWING WAARIN GEMEENSKAPSONTWIKKELING AFSPEEL

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat geen gemeenskap in 'n vakuum of in isolasie leef nie (Swanepoel & De Beer, 1996b:1). Die fasiliteerder, volgens Swanepoel (1992:25), betree 'n lewende omgewingsisteem, en moet met hierdie sisteem harmoniseer. Die individuele lede van, en die aksiegroep as sulks, wil ook in harmonie met die omgewing lewe. Daarom lê hul hele rasionaal agter die instandhouding van hierdie harmonie.

Die natuurlike omgewing speel veral 'n belangrike rol in landelike gebiede (Swanepoel & De Beer, 1996b:6). Die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne speel 'n rol in die uitkoms van die projek asook by die beplanning en lewensvatbaarheid van die projek. 'n Gemeenskapsontwikkelingsprojek moet nooit die natuurlike omgewing benadeel nie. Swanepoel (1992:26) beklemtoon dat volhoubare ontwikkeling slegs moontlik is wanneer dit in harmonie met die natuurlike omgewing is.

Geen ontwikkeling is ooit vry van politiek nie (Swanepoel & De Beer, 1996b:8; Francis & Henderson, 1992:27). Die fasiliteerder moet altyd bewus wees van en sensitief optree sover dit die politieke situasie betref. Swanepoel & De Beer (1996b:8) identifiseer 'n ander moontlike probleem, naamlik die verhouding met die tradisionele politieke elite. 'n Tradisionele voorman of -leier kan bedreig voel wanneer 'n gemeenskapsprojek nuwe leiers na vore bring.

Elke gemeenskap het 'n sosiale lewe van sy eie (Swanepoel & De Beer, 1996b:7). Swanepoel (1992:27) beklemtoon dat die fasiliteerder bewus moet wees van die sosiale lewe van 'n gemeenskap en kennis neem van die sosiale affiliasie en stratifikasie.

Die ekonomiese omgewing, soos beskryf deur Swanepoel & De Beer (1996b:8) en Lombard, Weyers & Schoeman (1991:3) moet ook in ag geneem word. Aspekte soos die beskikbaarheid van geld, die vlak van deprivasie van die mense en die gesondheid van die interne ekonomiese sisteem is belangrike oorwegingsfaktore vir enige projek.

Die kulturele omgewing word beskou as een van die belangrikste struikelblokke vir ontwikkeling, hoewel in sommige gevalle kulturele praktyke voordelig kan wees vir die sukses van ontwikkelingsprojekte (Swanepoel & De Beer, 1996b:10; Francis & Henderson, 1992:33; Lombard, Weyers & Schoeman, 1991:4). Die drie faktore wat grootliks hier 'n rol speel is die rol en posisie van tradisionele leiers, die posisie en rol van vroue in die gemeenskap en norme en gelowe van die gemeenskap. In landelike gebiede moet die tradisionele leier gesien word as die hekwagter na die gemeenskap. Dit is die plig van die fasiliteerder om die posisie van die tradisionele leier te erken (Francis & Henderson, 1992:32).

Swanepoel (1992:29) en Francis & Henderson (1992:27) bespreek ook die posisie en rol van vroue in gemeenskapsontwikkeling. Wanneer met 'n groep vroue gewerk word, moet die fasiliteerder in gedagte hou dat in sommige kulture die vrou haar man, of 'n ander man in die gesin, se toestemming benodig vir wat sy wil doen. Daar moet in gedagte gehou word dat die vrou moontlik alreeds baie besig is en moontlik nie baie tyd het om aan die projek deel te neem nie. Dit is dus belangrik dat die tye wat 'n gemeenskapsontwikkelingsprojek aangebied word, sal aanpas by die normale roetine van vroue. Armoede en deprivasie het ook 'n negatiewe uitwerking op die vrou.

Die sielkundige omgewing is die houding wat die mense openbaar teenoor die lewe rondom hulle (Swanepoel & De Beer, 1996b:9). Dit wat in die verlede met die gemeenskap gebeur het, sal 'n invloed op hul sielkundige omgewing hê (Swanepoel, 1992:30; Francis & Henderson, 1992:29).

2.7 ALGEMENE RIGLYNE

2.7.1 Riglyne vir onderrigmetodes wat gevolg kan word

Verskillende onderrigmetodes word geklassifiseer op grond van die soort kommunikasie wat tussen die onderwyser en die leerders plaasvind (Briers, 1989:50). Die keuse van 'n metode asook die mate van beheer wat die fasiliteerder moet uitoefen, sal deur verskeie faktore soos die aard van die inhoud wat oorgedra moet word, tyd beskikbaar en die aard van die leerders, beïnvloed word (Smith 1983:68).

'n Interaktiewe metode van onderrig het begeleide selfrigtinggewendheid as mikpunt (Gravett, 1990b:45). 'n Interaktiewe onderrigmetode betrek die leerder by die beplanning en regulering van sy leer. 'n Verskeidenheid van leertemas kan aan leerders voorgelê word, om leerders geleentheid te gee om 'n inset te lewer rakende die seleksie van temas wat hulle wil bestudeer. Dit beteken egter nie dat die leerders se mening as deurslaggewend beskou moet word nie. Die fasiliteerder se siening behoort sentraal in die interaksie te staan (Brookfield, 1988:327).

Jarvis (1995:114-142) bespreek die volgende as 'n opsomming van die verskeidenheid van onderrigmetodes wat toegepas kan word vir die opvoeding van volwassenes. Hierdie lys van onderrigmetodes is nie volledig nie. Dit is ook moontlik dat 'n enkele leersessie uit meer as een onderrigmetode kan bestaan:

Die onderwyser kan didakties optree en die vakinhoud op die tradisionele metode aan die leerders oordra, of sokraties wees en die vakinhoud versigtig van die leerders kry deur selektiewe vraagstelling. Die volgende is onderwyser-gesentreerde metodes: demonstrasies, begeleide gesprekvoering, gekontroleerde bespreking en lesings. By onderrigmetodes waar die leerder sentraal staan, tree die onderwyser slegs op as fasiliteerder vir leer. Hy skep die leersituasie, maar beheer nie die leeruitkomste nie. Voorbeelde van hierdie metode sluit in breinstorm, gonsgroepe, debat, groepbespreking, onderhoudsessie, luister en waarneming, projekte en gevallestudies, rolspel, simulasie en speletjies, besoeke, uitstappies en werkswinkels.

2.7.2 Vereistes van aanbieding vir volwasse leer

Die rol van die aanbieder van 'n volwasse opvoedkundige program is om inligting aan die deelnemers bekend te stel, hul terugvoer en insette te ontvang, om as hulpbron vir die deelnemers te dien en om verandering te fasiliteer (Johnson, 1994:212).

Een van die mees algemene struikelblokke vir die aanbieding van 'n volwasse opvoedingsprogram is die leerders se negatiewe houding teenoor hulself, hul lewe en hul werk, selfs teenoor opleiding. Die fasiliteerder behoort die klasse vir volwasse opvoeding interaktief en relevant tot die leerders se lewenservaring te maak, om sodoende optimisme en toegewydheid by die leerders te skep (Warren-Brown, 2000:34).

Ten einde 'n ontspanne leeromgewing te skep, moet 'n spesiale verhouding met die leerders opgebou word (Warren-Brown, 2000:34). Knowles (1980:225) beklemtoon die belangrikheid van die eerste ontmoeting met die leerders met die oog op die skepping van 'n positiewe

leerklimaat. Die oogmerk moet wees om 'n klimaat te skep wat deur wedersydse aanvaarding en vertroue en 'n gevoel van samehorigheid gekenmerk word (Gravett, 1990b:46).

Die fasiliteerder moet nooit 'n superieure houding inneem nie, maar oop wees vir kritiek en bereid wees om van die leerders te leer (Gravett, 1990b:47). Johnson (1994:212) sluit hierby aan en beklemtoon die belangrikheid van deurlopende tweerigtingkommunikasie. Hierdie kommunikasie is veral belangrik wanneer die kommunikasie kruis-kultureel moet plaasvind, en die risiko vir misverstande hoog is.

2.7.3 Riglyne vir die skryf van programme vir volwasse onderrig

Die riglyne wat Lyster (1994:9) stel vir geletterdheidsprogramme, kan ook op ander volwasse onderrigprogramme van toepassing gemaak word. Lyster stel dat 'n program uit twee basiese komponente bestaan. Die opvoedkundige komponent is enige iets wat te doen het met leer en onderwys, soos die metodes wat toegepas word, hulpmiddels, sillabus, besluite oor die duur van die kursus, ensomeer. Die organisatoriese komponent behels aspekte soos wie verantwoordelik is vir die projek, wie befonds die projek, waar word die program aangebied, is daar genoeg sitplekke, ensovoorts. Ander kritiese punte wat aandag moet geniet tydens die beplanning van 'n program, is die volgende:

- Die profiel van potensiële leerders: baie tyd en geld kan vermors word indien aanvaar word dat die leerders almal 'n behoefte aan die spesifieke program het, terwyl dit somtyds net 'n illusie is.
- Fasiliteerders: die eienskappe of vermoëns van die persoon wat die program gaan aanbied, is 'n belangrike faktor in die bepaling van die sukses of mislukking van die program.
- Medium van onderrig: in 'n geletterdheidsprogram, is dit noodsaaklik dat leerders eers in hul moedertaal onderrig word, voordat pogings aangewend word om die leerders in 'n tweede taal te onderrig. Tog stel Clifford en Kerfoot (1992:153) dat die meeste semi- en ongeletterdes in Suid-Afrika tog al 'n bietjie Engels geleer het – hetsy op skool, of bloot net om in hul daaglikse lewens te kan oorleef.
- Tyd en duur van klasse: Kursusse buite gewone werksure het in die verlede nie baie sukses behaal nie. Indien dit wel tydens werksure plaasvind, moet vermy word dat die werkers se etens- en teetye daardeur in gedrang kom. Wat die duur van die kursus betref, is daar twee opsies. Die eerste opsie is om vir 'n paar ure per week, oor 'n aantal weke, die program aan te bied. Hierdie opsie is nie so ontwrigtend nie, maar leer vind dan baie stadig plaas. Daar is ook nie genoeg tyd om te konsolideer nie. Die tweede intensiewe opsie is waar klasse intensief bygewoon word, oor 'n korter periode. Die tweede opsie is

meer effektief, maar kan ontwrigtend wees. Nog 'n nadeel van die tweede opsie is dat, sodra die klasse verby is, alles wat geleer is, gou weer vergeet word.

- Post-geletterdheid: moet by die aanvanklike beplanning van die program ingesluit word. Dit behels enige iets wat te make het met die ondersteuning en versterking van die leer wat reeds plaasgevind het (Lyster, 1994:11).
- Leesstof: moet maklik leesbaar wees. In French (1992:248) is gevind dat maklik-leesbare leesstof positiewe inligting moet bevat en nie neerbuigend en konformerend moet wees nie. Die standaard moet kan vergelyk met ander boeke wat in biblioteke beskikbaar is, en nie slordig wees nie. Tipografie en illustrasies moet nie te gesofistikeerd wees nie – dit kan die leser verwar. Maklik-leesbare stof mag veral geen politieke slagspreuke bevat nie. French meen dat daar meer terugvoer benodig word oor watter leesstof suksesvol is, asook hoe en waarom die stof suksesvol is.

Programme vir volwasse onderrig behoort leerders te help om te besef dat alleen hulleself hul lewens kan verander, om eienaarskap van hulle lewens te kan aanvaar, en om self verantwoordelikheid te neem (Warren-Brown, 2000:36).

2.7.4 Beginsels vir effektiewe volwasse onderrig

Die voorafgaande kan goed saamgevat word deur Vella (1994:3-22) se riglyne wat gevolg moet word by die ontwikkeling en aanbied van 'n program vir volwasse onderrig:

- Behoeftebepaling. Deur 'n deeglike behoeftebepaling te doen, kan bepaal word wat die groep leerders werklik moet leer, wat die leerders alreeds weet, asook watter dele van die reeds-ontwikkelde program werklik pas by die spesifieke groep leerders se situasie.
- Gesonde verhoudings. Gesonde verhoudings behels respek, veiligheid, ope kommunikasie en nederigheid.
- Volgorde en versterking. Die programmering van kennis en vaardighede moet in 'n volgorde van eenvoudig tot kompleks geskied. Versterking beteken die herhaling van feite en vaardighede totdat dit aangeleer is.
- Onmiddellikheid. Volwasse leerders moet die onmiddellike bruikbaarheid van nuwe vaardighede en kennis kan herken.
- Duidelike rolle. Volwasse leerders het bevestiging van die menslike gelykheid tussen die leerder en die fasiliteerder nodig. Leerders is nie minderwaardig teenoor die fasiliteerder nie.
- Spanwerk. Leer in groepe word deur die portuurgroep bevorder. Eweknieë het meer outoriteit by volwassenes as fasiliteerders. Mense moet leer om effektief saam met ander mense te kan werk.

- Betrokkenheid. Leerders moet aangemoedig word om hul volle gewig by die taak in te gooi. Sodoende word leer bevorder.

2.7.5 Riglyne vir deelname en samewerking:

Serrano-Garcia (1990:174) onderskei tussen deelname en samewerking in gemeenskapsnavorsing, in die sin dat deelname volle betrokkenheid van die nagevorsde by die hele proses van die navorsing behels. Daarteenoor is samewerking slegs om die nagevorsdes betrokke te kry by die uitvoering van die navorsing. Sy meen dat nagevorsdes ten volle moet deelneem aan die navorsing.

Ten einde deelname te bewerkstellig met die gemeenskap wat nagevors word, stel Serrano-Garcia (1990:181-2) voor dat die navorsing in die gemeenskap self moet plaasvind, en nie in 'n laboratorium of klaskamer nie. Gemeenskapsnavorsing moet die volgende riglyne volg:

- Die gemeenskap moet ingelig word omtrent die navorsers se identiteit, hul affiliasie, doel van die studie asook die metodes wat gebruik gaan word.
- Verkry instemming van die gemeenskap waar die projek sal plaasvind.
- Verseker vertroulikheid van inligting.
- Verkry die gemeenskap se toestemming vir die publikasie van finale verslae.
- Betrek die gemeenskapslede by die insameling van data, en
- Versprei die inligting na die gemeenskap wanneer die navorsing beëindig word.

2.7.6 Kommunikasieriglyne

Swanepoel en De Beer (1996b:55-60) bespreek die belangrikheid daarvan dat die fasiliteerder goed moet kan kommunikeer met die aksiegroep. Motivering, onderhandeling, konflikoplossing en groepwerk is alles afhanklik van kommunikasie. Hawtin, Hughes & Percy-Smith (1995:138-139) bespreek sekere hindernisse wat kan verhoed dat die boodskap reg ontvang word. Volgens Swanepoel en De Beer (1996b:58) is die beste manier om hierdie hindernisse te hanteer, eerstens om te erken dat dit bestaan. Die fasiliteerder moet met eerlikheid, opregtheid, betroubaarheid, die beste intensies en integriteit optree. Die hulp van 'n interpreteerder kan ingeroep word, mits die interpreteerder die boodskap goed verstaan. Gebruik eenvoudige taal, en praat duidelik. Visuele hulpmiddels kan, waar moontlik, ingebring word om kommunikasie te bevorder. Swanepoel en De Beer (1996a:39) voeg ook verdere riglyne vir visuele hulpmiddels by. Een riglyn vir visuele hulpmiddels is byvoorbeeld dat dit maklik leesbaar moet wees.

2.7.7 Riglyne vir motivering van leerders

Swanpoel en De Beer (1996b:61) verwys na die belangrike aspek van motivering. Swanepoel (1992:20-21) stel dat die afwesigheid van motivering noodwendig beteken dat demotivering teenwoordig is, en dat daar geen neutrale posisie is nie. Mense wat gedemotiveerd is, is nie instaat om aan hul eie ontwikkeling te werk nie. Dit is daarom belangrik vir die fasiliteerder om op te let na faktore soos lyftaal, gebeurtenisse wat om die aksiegroep se lede gebeur en die innerlike motivering van mense. Swanepoel en De Beer (1996b:62) en Hawtin, Hughes & Percy-Smith (1995:36) stel riglyne voor om mense te motiveer. Riglyne is soos om entoesiasties te wees oor die boodskap wat jy oordra; toon dat jy omgee en glo in die mense se vermoëns; respekteer die mense vir wat hulle is en respekteer en vertroetel die innerlike krag wat mense openbaar.

2.7.8 Riglyne vir programinhoud van naaldwerkprogramme

Kempen *et al.* (1997:133) stel dat daarop gelet moet word dat daar dikwels onrealistiese verwagtinge by die deelnemers van naaldwerkprojekte bestaan, ten spyte daarvan dat die doel van die projek duidelik omlyn word.

Verskeie bronne skenk baie aandag aan die maak en die korrekte pas- en verstelling van kledingstukke (Schwellnus & Viviers, 1974b: 115-165; Aitken, 1992:15-30, 49, 61-64; Hutton *et al.*, 1972:31-487), terwyl weinig (indien enige) aandag gegee word aan herstel- en reperasiemetodes (Hutton *et al.*, 1972:309-313; Saunders, 1982:82-97). Selfs waar herstel of herwinningsmetodes aangebied word, kan weinig van die aangeduide metodes sonder die hulp van 'n naaimasjien uitgevoer word.

Hoewel toegang tot 'n naaimasjien as algemeen aanvaar word vir die meeste naaldwerkkursusse (Schwellnus & Viviers, 1974b:115-165; Aitken, 1992:12, Jones, 1979:7, Hutton *et al.*, 1972:4), word ook handsteke in baie kursusse gedek. So demonstreer Schwellnus en Viviers (1974b:129-146), Aitken (1992:39-41), Barber (1985:9-60) en Hutton *et al.* (1972:228-234) stappe vir die uitvoer van handsteke soos rygsteek, soomsteek, glipsoomsteek, blinde glipsoomsteek, terugsteek, kombersteek en kettingsteek. Die maak van verskeie nate soos 'n rolnaat, 'n enkelnaat, 'n oopnaat en randafwerking van naatrande word ook verduidelik. Aitkens (1992:40) en Barber (1985:17, 13) sluit ook agtersteek en oorhandsteke in.

In handleidings van Schwellnus en Viviers (1974b:129-146), Aitken (1992:42-45) en Hutton *et al.* (1972:64-76) geniet pars- en strykmetodes ook aandag, aangesien hierdie tegnieke grootliks tot die voorkoms van 'n naaldwerkartikel bydra. Die inwerk van ritssluiters word ingesluit by

afdelings oor slippe en openinge. Slegs Aitken (1992:53) en Barber (1985:46) demonstreer die inwerk van 'n ritssluiter sonder die gebruik van 'n naaimasjien.

Schwellnus en Viviers (1974b:154-162), Hutton *et al.* (1972:205-208) en Barber (1985:49, 29) demonstreer ook die stappe vir die aanwerk van vasmaakmiddels soos hakies en ogies, knoopsgate (wat knoopsgatsteek insluit) en die aanwerk van knope met- en sonder steeltjies.

Appliekwerk met borduursteke word ook gedemonstreer. Kombersteek en variasies van kombersteek word aanbeveel vir appliekwerk, hoewel veersteek, visgraatsteek en satynsteek ook voorgestel word (Schwellnus & Viviers, 1974b:163-165; Hutton *et al.*, 1972:250-253; Saunders, 1982:101-104). Aitken (1992:56) en Hutton *et al.* (1972:187-197) gee riglyne vir die afmeet en inwerk van 'n soom.

2.7.9 Algemene riglyne vir die beplanning en implimentering van naaldwerkprogramme:

Met die aanbied van 'n korttermyn Verbruikerswetenskappe voorligtingsprogram het Van Wyk (1991:109) die program verdeel in twaalf sessies van twee en 'n halfuur elk. Kempen *et al.* (1997:132) het hoofsaaklik van stap-vir-stap demonstrasies gebruik gemaak in die aanbied van 'n nie-formele opvoedkundige naaldwerkprojek. Na elke demonstrasie, het deelnemers aan die projek die stap self op 'n monster geoefen voor die metode op die werklik artikel ('n bloes), toegepas is. Die aanbieder is telke male versoek om stappe te herhaal aan die groep sowel as aan individue. Die projekaanbieder het persoonlike aandag aan elke deelnemer geskenk. Ander media en middele waarvan gebruik gemaak is, sluit in transparante, groot naaldwerkmonsters, swartbord sowel as voorbeelde van die proses op die werklike artikel. Kempen *et al.* (1997:133) skryf die sukses van die projek hoofsaaklik aan die onderrigmetodes toe.

Kempen *et al.* (1997:131-134) maak die volgende aanbevelings vir die beplanning en implimentering van 'n naaldwerkprojek:

- Aangesien vroue onrealistiese verwagtinge van naaldwerkprojekte het, behoort die doel, inhoud en verwagte resultaat van die projek duidelik omskryf te word.
- Projekfooie en geld vir die aanskaf van materiaal en toerusting word benodig - 'n borg kan in die opsig van hulp wees.
- Projekte moet so geskeduleer word dat die tradisionele pligte van vroue in die gesin en / of werkslading geakkommodeer word.
- By die bepaling van 'n lokaal en tydskedules, moet moontlike vervoerprobleme oorweeg word.
- Vroue moet ook toegang tot die nodige middele en toerusting hê na afloop van die projek, ten einde die voortgesette toepassing van nuwe naaldwerkvaardighede te bevorder.

- Die aantal deelnemers behoort beperk te word ten einde individuele aandag aan elke deelnemer moontlik te maak.
- Ekstra klasse moet aangebied word om die groot verskille in die aanvanklike vaardigheidsvlakke te akkommodeer.
- Genoegsame tyd moet toegelaat word vir die inoefening van nuut-aangeleerde vaardighede.
- Die uitvoering van 'n vaardigheid vir 'n spesifieke doel moet aangeleer word, sowel as die toepassing van dieselfde vaardigheid vir ander gebruike.

Briers (1989:10) noem dat geld nie altyd beskikbaar is nie, en dit daarom nodig is om ekonomies te werk te gaan. Een van die riglyne wat genoem word vir besparing, is om stukkies afvalmateriaal te gebruik vir monsters of ander bruikbare artikels. Ander riglyne wat gevolg moet word, is dat uitsnywerk noukeurig en korrek gedoen moet word, om spelde na 'n leersessie op te tel en die korrekte stryktemperatuur te gebruik en om nie materiaal of toerusting te beskadig nie.

2.7.10 Riglyne vir veiligheid en eerstehulp

Briers (1989:10-11) en Barber (1985:7) stel maatreëls voor om ongelukke en beserings te voorkom. So moet die hitte van 'n strykyster nie getoets word deur daaraan te raak nie, maar eerder 'n paar druppels water daarteen te spat. Wanneer 'n kraakgeluid, 'n brandreuk of 'n flits waargeneem word wanneer daar met elektriese apparaat gewerk word, of wanneer 'n toestel oorverhit, moet die elektrisiteit onmiddellik afgeskakel word, en 'n kundige gekonsulteer word. Leerders moet behoorlik onderrig word in die gebruik van skêre. Daar moet spesifiek klem gelê word op die moontlikheid van beserings aan die hande en oë. Leerders moenie toegelaat word om naalde en spelde tussen die lippe vas te hou nie. Verder behoort die fasiliteerder basiese kennis van eerstehulp en toegang tot 'n eerstehulptas te hê.

2.8 STANDAARDE

Die Evaluation Center (1994:1) het standaarde gestel wat bepaal hoe 'n behoorlike programevaluering behoort te lyk. 'n Standaard is 'n beginsel waaroor daar ooreengekom is deur persone in die professionele praktyk wat, indien dit nagekom word, die kwaliteit en regverdigheid van daardie professionele praktyk sal verbeter (The Evaluation Center, 1994:2).

2.8.1 Nuttigheidstandaarde

Hierdie groep standaarde begelei evaluerings om seker te maak dat die evaluering leersaam, aktueel en invloedryk sal wees (The Evaluation Center, 1994:5). Die volgende is enkele nuttigheidstandaarde, soos geïdentifiseer deur The Evaluation Center (1994:23-62):

- Identifiseer die persone wat deur die evaluasie geraak gaan word of daarby betrokke is, ten einde hul behoeftes aan te spreek. Identifiseer insethouers in leiersposisies eerste, aangesien hulle kan help met die identifisering van ander insethouers.
- Persone wat die evaluering uitvoer moet betroubaar en bevoeg wees om die evaluering uit te voer. Evalueerders word as geloofwaardig beskou sover hulle die opleiding, tegniese bevoegdheid, substantiewe kennis, ervaring, integriteit, skakelvaardighede en ander eienskappe kan toon.

2.8.2 Doenlikheidstandaarde

Die ontwerp van die evaluering behoort nie onnodige tyd, personeel, hulpbronne of materiale te gebruik as wat werklik nodig is om die evaluering uit te voer nie (The Evaluation Center, 1994:6). Die doenlikheidstandaarde is bedoel om toe te sien dat 'n evaluering realisties, omsigtig, diplomaties en spaarsamig sal wees. Een van die doenlikheidstandaarde soos opgestel deur die Evaluation Center (1994:65-80) is dat die evaluering effektief moet wees, en inligting van genoegsame waarde verskaf, ten einde die kostes (insluitend menslike kostes en tyd) aangegaan vir die evaluering, te kan regverdig.

2.8.3 Gepastheidstandaarde

Hierdie standaarde is bedoel om individue se regte te beskerm. Dit bevorder sensitiwiteit en waarsku teen onwettige, gewetenlose, onetiese en onvanpaste aksies van persone wat die evaluering uitvoer (The Evaluation Center, 1994:6). Volgens die Evaluation Center (1994:81-124) maak die volgende punte deel uit van gepastheidstandaarde:

- Evaluerings moet so uitgevoer word dat die regte van die betrokke persone beskerm en gerespekteer word. Wetlike aspekte sluit aspekte in soos die reg van die deelnemer dat hy/sy moet toestem om deel te neem aan 'n program, die deelnemer het die reg om te onttrek, sonder dat daar teen hom/haar opgetree mag word en die vertroulikheid van inligting. Etiese oorwegings sluit in 'n bepaling van 'n persoon se geskiktheid of gereedheid om deel te neem aan sekere aktiwiteite. In die algemeen moet enige ongemaklike of skadelike situasies vermy word.
- Evalueerders se interaksie met ander persone moet menswaardigheid en waardes respekteer, sodat deelnemers nie bedreig of benadeel word nie.

- Die evalueerder se toekenning en spandering van hulpbronne moet gesonde rekenkundige prosedures reflekteer, asook omsigtig en eties verantwoordelik wees, sodat besteding toepaslik en verrekenbaar kan wees.

2.8.4 Akkuraatheidstandaarde

Hierdie standaarde bepaal of die inligting wat van 'n evaluering verkry word, betroubaar is (The Evaluation Center, 1994:6). Enkele akkuraatheidstandaarde is soos volg (The Evaluation Center, 1994:125–187):

- Die program wat geëvalueer is, moet volledig en akkuraat beskryf en gedokumenteer word.
- Die konteks waarbinne die program bestaan, moet in besonderhede ondersoek word, sodat moontlike invloede op die program geïdentifiseer kan word. Die konteks van die program sluit die geografiese omgewing, tyd van die program, politiese- en sosiale klimaat, kompeterende aktiwiteite wat plaasvind en pertinente ekonomiese toestande in.
- Die inligtingsbronne wat gebruik is in 'n programevaluering, moet in besonderhede beskryf word. Dit is verkieslik dat inligting van 'n verskeidenheid van bronne verkry word.
- Prosedures vir verslaggewing moet waak teen verdraaiing wat veroorsaak kan word deur persoonlike gevoelens en vooroordele van enige party jeens die evaluering.
- Die evaluering self moet geëvalueer word met 'n meta-evaluering vir hierdie- en ander standaarde.

2.9 MOONTLIKE PROBLEME

2.9.1 Moontlike probleme met betrekking tot intervensies

Intervensies wat beplan is om 'n positiewe verskil te maak, kan 'n negatiewe uitwerking op individue hê (Guttmann en Sussmann, 1995:4). Volgens Serrano-Garcia (1990:180-1) kan verskeie probleme ondervind word wanneer intervensienavorsing gedoen word. Een van die probleme is dat dit meer tydrowend as tradisionele navorsingsmetodes is. Sy meen dat baie navorsers nie genoegsaam opgelei is om hierdie soort van navorsing te doen nie. Navorsers moet besin of die groep wat die uitnodiging rig, verteenwoordigend is van die gemeenskap se belange en of dit samewerking sal toelaat. Die vraag word gevra of navorsers enigsins 'n gemeenskap moet binnedring indien hulle nie spesifiek genooi is nie? Volgens Weissberg (1990:189) is meer navorsing nog nodig om faktore te identifiseer wat bydra tot die suksesvolle voortsetting en institusionalisering van sosiale programme.

2.9.2 Moontlike struikelblokke met gemeenskapsontwikkeling

Swanepoel (1992:9) noem dat dit ironies is dat dieselfde motivering vir gemeenskapsontwikkeling ook die rede is waarom gemeenskapsontwikkeling dikwels faal. Die hoofeienskap van die meeste gemeenskappe waar gemeenskapsontwikkeling gedoen word, is armoede. Mense se armoede en tekort aan selfvertroue (Swanepoel & De Beer, 1996b:9) en selfgenoegsaamheid maak dit baie moelik om hul te betrek in ontwikkelingsprojekte. Swanepoel & De Beer (1996b:12-18) bespreek sommige van die eienskappe van swak ontwikkelde omgewings waar armoede dikwels heers:

- *Water, dreinering en riolering*: 'n Tekort aan veilige drinkwater is een van die duidelikste tekens van armoede. Mense se gesondheid word hierdeur benadeel. Swak dreinering en riolering besoedel drinkwater verder.
- *Onvoldoende opvoedkundige en ontspanningsfasiliteite* (Francis & Henderson, 1992:11): Hierdie tekort ontneem kinders die geleentheid om hulself voor te berei vir 'n normale en produktiewe volwasse lewe.
- *Onvoldoende gesondheidsfasiliteite* (Francis & Henderson, 1992:11; Pohl, 1998:35-44; Davenport & Davenport, 1998:46): Die vinnige groei van stedelike plakkerskampe en die ver afstande tussen landelike woongebiede gee aanleiding tot die tekort aan gesondheidsfasiliteite. Armoede dra by tot vuil en onhigiëniese lewensomstandighede, wat weer aanleiding gee tot vatbaarheid vir siektes.
- *Werkloosheid* (Francis & Henderson, 1992:11): Werkloosheid is beide 'n oorsaak en 'n gevolg van armoede. Armoede, magloosheid, kwesbaarheid, fisiese ongesteldheid en isolasie is oorvleuelende faktore wat armes in armoede vasvang.
- *Ander eienskappe*: Sommige gemeenskappe ervaar baie spesifieke manifesterings van armoede, wat kan verskil van die faktore reeds hierbo genoem. So kan arm gemeenskappe byvoorbeeld gebuk gaan onder hoë misdaadsyfers of 'n algemene gevoel van onveiligheid.

Ander moontlike struikelblokke wat sukses kan kniehalter is:

- *Ongeletterdheid* (Swanepoel, 1992:9) - lei tot 'n minderwaardigheidskompleks. Ongeletterdheid bemoeilik ook die oordra van inligting.
- *Gewoontes en tradisies* (Swanepoel, 1992:10) – lede van 'n gemeenskap word verplig om sekere gewoontes en tradisies te volg en te onderhou (soos die onderdanigheid aan tradisionele leiers). Hierdie gewoontes en tradisies hoef nie noodwendig struikelblokke te wees nie - dit kan waardevolle hulpmiddels wees.
- *Afhanklikheid* (Swanepoel & De Beer, 1996b:9) – mense raak dikwels so gewoond aan

goedgunstigheid van die staat en ander instellings, dat die ontvangs van gunste en gawes die norm word. Sulke mense raak traag om enige iets vir hulself te doen, en verwag om betaal te word vir enige poging van hul kant om die gemeenskaplike welsyn te verbeter.

- *Apatie* (Swanepoel & De Beer, 1996b:9; Hawtin, Hughes & Percy-Smith, 1995:36) – lede raak gewoond daaraan om arm te wees en te ly, dat hul geen werklike begeerte het om iets anders te doen, as net te oorleef nie. Hul aanvaar hul armoede as die realiteit van die lewe.

2.10 VERBRUIKERSWETENSKAPPE EN NAALDWERK AS KOMPONENTE VAN HIERDIE INTERVENSIEPROGRAM

2.10.1 Verbruikerswetenskappe en die rol van Verbruikerswetenskaplikes

Ontwikkeling in Suid-Afrika is van kardinale belang vir al sy inwoners. Knye (1992:28) en Littrell (1993:75) is van mening dat Verbruikerswetenskaplikes 'n leidende rol kan speel in hierdie ontwikkeling en die ontwikkeling van klein sakeondernemings. Verbruikerswetenskappe is 'n interdissiplinêre studieveld wat menslike- en gesinsontwikkeling holisties vanuit 'n fisiese-, sosiale-, psigologiese- en ekonomiese perspektief benader.

Die gesin is die fokus van Verbruikerswetenskappe (Briers, 1989:2; Kiamba, 1998:9). Deur die gesin poog Verbruikerswetenskaplikes om 'n optimale balans tussen mense en hul omgewing te skep. Verbruikerswetenskappe volgens Kiamba (1998:1) is 'n interdissiplinêre en toegepaste studieveld, wat poog om die kwaliteit van menslike lewens te verbeter.

Die doelstellings van Verbruikerswetenskappe volgens Briers (1989:2), sluit onder andere die doel om 'n bewustheid van vaardighede te skep, soos kookkuns en naaldwerk, in. Ander doelstellings is om mense aan te moedig om hulpbronne verantwoordelik te gebruik, om 'n verantwoordelike gesindheid teenoor gemeenskapsontwikkeling te kweek, om 'n waardering vir eie tradisies te kweek, mense die bevrediging te laat ervaar wanneer kreatiwiteit, psigo-motoriese-, kognitiewe- en perseptuele vaardighede ontwikkel word, en om kwaliteite soos akkuraatheid, netheid, selfvertroue, onafhanklikheid, geduld, deursettingsvermoë en ordelikheid te kweek. Volgens Kiamba (1998:11) het die klem verskuif van die doelstellings soos hierbo genoem, na die doel om die proses te fasiliteer wat mense help om meer verantwoordelikheid te neem vir die bevordering van hul eie welstand. Verbruikerswetenskappe speel 'n belangrike rol in die bemagtiging van vroue, in die beklemtoning van die rol van vroue en gesinne in die ekonomie en sosiale ontwikkeling. Engberg (1995:95) beskryf grondvlak-ontwikkeling, wat impliseer dat vroue en mans, oud en jonk asook die armste van die armes, aksie kan neem om hul eie lewensomstandighede te verbeter.

2.10.2 Naaldwerk as komponent van Verbruikerswetenskappe

Naaldwerk is een van die komponente van Verbruikerswetenskappe. Briers (1989:2-3) verdeel die vakkundige inhoud van Verbruikerswetenskappe in vier hoofgroepe, naamlik gesinstudie, voedsel en voeding, bestuur en verbruikerswese en beskerming. Onder beskerming is daar twee sub-afdelings, naamlik behuising en interieur aan die een kant, en kleding aan die ander. Met kleding is die fokus op die keuse van tekstiele en style, bevrediging, verkry deur die maak van klere en die kreatiewe kuns van naaldwerk, en die ontwikkeling van persoonlikheid en individualiteit in die dra van klere.

2.10.3 Motivering vir tuisnaaldwerk

Die tuisontwerp en -maak van klere is 'n vaardigheid wat van die vroegste tye af deur veral vroue vanuit verskillende klasse beoefen is (Buckley, 1999:55; Schofield-Tomchin, 1999:97). Naaldwerk is 'n lonende, terapeutiese en bevredigende stokperdjie wat 'n mens ook in staat stel om geld te bespaar (Aitken, 1992:7, Jones, 1979:7; Schofield-Tomchin, 1999:97).

Hutton *et al.* (1975:v) beskryf naaldwerk as 'n avontuur van kreatiwiteit. Buckley (1999:59) beskryf naaldwerk as 'n metode waar vroue mekaar die vaardighede leer wat hul vroulike identiteit vorm. Hutton *et al.* (1975:v) beskryf dit as 'n kunsvorm, wat die dissipline van 'n kunsvorm verg. Wanneer begeerte, entoesiasme en verbeelding by hierdie dissipline gevoeg word, is die vrugte en bevrediging uniek. Aitken (1992:7) erken dat alle naaldwerkskeppings nie altyd 'n sukses sal wees nie, maar dat daar ten minste uit elke poging geleer word.

Naaldwerk bied ook die moontlikheid vir inkomstegenerering. Clark *et al.* (1993:114-120) impliseer naaldwerk as besigheidsgeleentheid in Suid-Afrika. Ook Trollip (1997:2), Smit (1997:82), Knye (1992:29) en Kempen *et al.* (1997:131) bespreek die moontlikheid van inkomstegenerering vir vroue deur die vervaardiging van kunshandwerk soos naaldwerk-artikels, borduurwerk, weefwerk, ensovoorts.

Schofield-Tomschin (1999:97-107) se ondersoek na die motivering vir die maak van klere tuis, toon dat van die vroegste motiverings hoofsaaklik ekonomies van aard was. Die hoë kostes van klaargemaakte artikels was een van die hoofredes waarom veral vroue klere tuis gemaak het. Hierdie was ook die tyd toe die meeste vrouens tuis gebly het en nie 'n buitenshuise beroep beoefen het nie. Later jare, toe die koste van tuisgemaakte artikels begin styg, het kwaliteit 'n groter rol as ekonomie begin speel in die motivering vir die maak van klere tuis. Tuisgemaakte klere was beskou as van beter werkskwaliteit sowel as van beter kwaliteit tekstielstof gemaak.

'n Ander motivering vir die maak van klere, was om klere te kry wat beter pas. Hierdie motivering kom veral voor by ouer dames en persone met fisiese gestremdhede. Kreatiwiteit, ontspanning, die geleentheid vir selfuitdrukking, die ontwikkeling van 'n vaardigheid, selfbevrediging en selfrespek is egter almal groter motiveerders vir tuisnaaldwerk as ekonomie, kwaliteit of passing. Schofield-Tomschin (1999:107) stel dat naaldwerk deesdae 'n middel vir kreatiwiteit, oorspronklikheid, ontspanning, stresverligting en terapie is vir persone wat 'n balans soek in hul besige lewens.

In arm gemeenskappe waar daar groot armoede en werkloosheid is, kan vrouens ook om ekonomiese redes en omdat hulle tyd tot hulle beskikking het, vir hulle huishoudings klere en ander tekstielartikels maak.

2.11SLOT EN SAMEVATTING

Die spreekwoord "dit vereis 'n gemeenskap om 'n kind groot te maak", onderlê die belangrikheid van gesonde gemeenskappe. Soos Turner (1998:xi) dit stel, is gemeenskapsaksie en –ondersteuning noodsaaklik vir die bereiking van mense se fisiese en sosiale welstand. Deur die aanleer van vaardighede soos die herwinning en herstel van klere en ander tekstielartikels, kan gemeenskappe leer om hul beskikbare hulpbronne beter te benut. Sodoende kan meer finansiële hulpbronne beskikbaar wees om ook ander behoeftes te vervul. Deur die bevrediging van behoeftes kan lewenskwaliteit verbeter.

Hierdie hoofstuk het gedien as 'n oorsig van bestaande literatuur rakende leer en geletterdheid, gemeenskapsontwikkeling, intervensienavorsing en die rolspelers daarby betrokke. Daar is riglyne rakende onderrigmetodes, vereistes van aanbieding vir volwasse leer, die skryf van volwasse onderrigprogramme, riglyne vir deelname, samewerking, kommunikasie en motivering gestel. Die standaarde wat van belang is vir programevaluering, asook moontike probleme wat kan opduik in soortgelyke programme, is bespreek.

Aangesien hierdie studie spesifiek handel oor 'n naaldwerkprogram, is daar ook gekyk na riglyne vir programinhoud, die beplanning en implimentering van naaldwerkprogramme. Enkele riglyne vir veiligheid en eerstehulp is ook voorsien. Daar is ondersoek ingestel na die rol van Verbruikerswetenskaplikes en naaldwerk as komponent van Verbruikerswetenskappe. Laastens is die belangrikheid van en motivering agter tuisnaaldwerk kortliks bespreek.

In die volgende hoofstuk volg 'n wetenskaplike artikel oor 'n opvoedkundige intervensieprogram gerig op die herstel en herwinning van klere en ander tekstielartikels.

2.12 BIBLIOGRAFIE

